


FEBRUARIE 1973

NUWE REEKS XI:1

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



Ernst de Jong Ateljees

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA.

INTEKENGELD:

R3 per jaar. Los nommers: 75 sent per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak
deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

**Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings
van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.**

tydskrif vir letterkunde

Redakteur:

ELIZE BOTHA

Redaksionele medewerker:

Elsa Nolte

Skakelredaksie:

J. J. Brits — W. A. de Klerk — Andre Demedts
B. le Roux — Joan Lötter — Koos Meij
Eben Meiring — Mie-jeanne Moelaert — P. J. Nienaber
Z. J. Pretorius — P. D. v.d. Walt — M. M. Walters

Februarie 1973

Nuwe reeks XI : 1

INHOUD

Henriette Grové	: 'n Wes-Transvaalse Jeug	1
Louis Eksteen	: Gedigte	6
C. F. Rudolph	: Die Goue Minuut	11
Margaret Bakkes	: Tant Hannie se Laaste Dag	18
N. J. Snyman	: Bonga . . . „wel een weinig tot uw stich- ting”	24
Hélène Kesting	: Gedigte	29
Elsabe Steenberg	: Blokkies-raaisel	35
D. F. Spangenberg	: 'n Mooi Dronkenskap: Kennismaking met Mallarmé (I)	40
Aletta Lübbe	: Absurde Nag	46
Eveleen Castelyn	: Gedigte	49
Peers Hartzenberg	: Restourasie	52
Izak van der Westhuizen	: Brief weer geskryf — bly ongepos	52
Roger Pieters	: Een Volmaakte Moord	53
Jeanne Goosen	: Piet	56
A. J. J. Visser	: Sneeu in die Lootsberge	57
Frans Pointl	: Na besoek aan Ooglijdersgasthuis te Utrecht	58
Ou Grietjie	: Skyfies	59

'N WES-TRANSVAALSE JEUG

Daar was 'n huis en daar was 'n skool. Daar was 'n tuin wat huis en skool verbind het, met 'n pad daardeur. Om albei saam, huis en tuin, was doringdraad en bloekoms om die departementele terrein van die omliggende plaasgrond te skei. Op die verste hoek was een groot boom. As jy daarin klim — heeltemal 'n onderneming, want die gladde stam was goed vyf voet kaal voor die eerste mik, en al uitweg was dan maar die doringdraad as vastrapplek gebruik — en jy gaan behoorlik hoog, kon jy ver en ver sien. Links die rooi rant, 'n sandsteenhoogte wat opklim na 'n bakenkop en so gemeenskappie van gemeenskap skei: duskant rant, anderkant rant, ryk van arm, Sap van Nat. Regs die doringplaat waar ons smiddae gom gaan soek het. Skuins agter was Welgeluk se ver vrugbaarheid uitgesprei onder hulle dam, en dan verder mielies.

Daar was vier paaië wat agter en skuins langs die skool verbygeloop het — net vir kies . . . olka, bolka. Maak jou oë toe, draai vinnig om en om. Olka, bolka, knol! En jy het jou keuse. Noord bring jou by Ventersdorp. Dis waar Tante Hagemann woon en waar die groot graansuier is. Pas net op in die reëntyd. Die drif is gevaarlik.

Front jou gesig egter suid-oos, gaan die gruisweg oor die hoogte na Potchefstroom, en dis waar die familie bly.

Kies jy die Doordraai-pad, kom jy na 'n lang omweg by Klerksdorp uit. Maar as jy Leeuplaas toe gaan, is dit af in die mielielaagte en dan nog aan, nou wel uitgetrap, byna twee slote net met 'n middelmannetjie. Tog bring dit jou waar jy wil wees.

Daar was nie 'n plek waarheen jy hiervandaan nie kon gaan nie. Die wêreld het hier begin.

Soveel mense het daar gebly en soveel dinge het gebeur.

Lizzie Lotz is verlief op haar suster se man. Ai tog! „Hou jou hande tuis, Elizabeth. Hulle is wettig getroud en jou mense is eerbaar.”

Lizzie Lotz teer weg en word kraai-maer met 'n bleek beengesig, haar oë swart gate. Sy tjank in die nag. „Seker getoor.”

„Sjuut! Die predikant sal hoor.”

„Waaragtig, anders waarom trek sy uit onder die maan; haar mond skuim.”

„Arme mens.”

Die myn gaan weer werk. Hulle neem opsies. Oom Douw se porsie bedra tweehonderd pond; en as hulle die rif daar opspoor, nog veel en veel meer. Sê nou net . . . Dis 'n magtige affêre en daar's geld soos uintjies. Hy bou sy opstal om, sy vrou ruis verby in watersy en dra voor ete al blinkleerskoene.

Sy koop 'n stel en 'n nuwe linoleum. Jy spieël jouself in die blink, jy sak weg in die weelde van die opstopsels, jy kyk totaal verby Dopper-Grootpa en -Grootma van Wyk. Dit word lekker op die aarde. Maar dan

laat die Kompanjie die opsie val as die rif verdwaal. Pap en pampoens, en wanneer die koeie opdroog, swart koffie en droë brood. Droog binne, droog buite. „Ons het jou gewaarsku, neef. Moenie jou rieme sny voor die bees geslag is nie”. En die mense praat:

„Bankrot, sê jy! Tse-tse.” „Pak maar op, Boeta en kies die vaal pad.” Watter een? Diggens toe. Altemit bly daardie blink blink.

Owerspel en egbreuk: Piet Plaat sê Meraai se jongste is nie syne nie. Hy sê hy en sy slaap al lank uitmekaar van sy daardie keer . . . Hy sê hy gaan haar aangee, reguit hof toe. Hy sê: Waar't jy gesien 'n regskepe Plaat het sulke oë? Hy praat: donder, bliksem, swawel en vuur. Ellendige vrou. Vervloek is haar oorspelige hart. Sy kom nie terug na my huis toe nie. Oor my dooie liggaam.

Dwaal, dwaal Meraai met g'n rus vir die holte van jou rondlopervoet nie. Hierdie wêreld is te plat, te groot, te oop, en God se uitspansel ken hier g'n einde nie. Waar sal jy skuil teen sy toorn? Wurg dan maar die lewe uit jou sondekind se keel, en as die gal van berou jou hande vlek, trek jy 'n jaggeweef af teen jou slaap.

„Julle wat sonder sonde is werp die eerste steen.”

Maar selfs dan vind jy geen rus nie, want steeds dwaal jy deur my stories.

Sonde en sondes! Adam gewon Kaïn, Isak gewon Esau. Die kinders van die mense bedink 'n menigvuldigheid van oortredinge. Willemien Basson skenk geboorte aan 'n pikswart kind, 'n seun, erfgenaam van Gam. Die welsynsvrou kom uit. Hulle hou raad. Verbeteringskool is haar voorland. Daar is klokke en orde, stigting en behoorlike voorbeeld.

En die basterbloed? Waar pas hy die holte van sy voet?

Die rooi arde gee nie meer as wat jy in hom inploeg nie, en selfs daarmee is hy suinig. Hy's kaal en bar, en sy vlaktes keer nie die wind nie. Orals steek rysmiertuite vingers op in die lug. Dis 'n klipharde wêreld.

Egbert Louw boer uit, Albert Gouws is verplig en passeer 'n tweede verband en Douw Grobler is nie weg te hou van die witblits nie. Op wie moet jy vertrou? Generaal Cronjé het aan ouderdom gesterf, dood op sy Schoonspruitplaas. Smuts verkoop ons uit aan die Engelse en Koos de la Rey — saliger — word stadigaan stof tussen Lichtenburg se mielies.

Die eer en die glorie het verbygetrek. Nou is dit net swaar asemhaal van dag tot dag.

Depressie dertig! Die ellendige Jood wil nie 'n pennie meer as vier sjielings vir 'n sak mielies gee nie. „Genade, Sam Hertz, weet jy wat het dit my gekos om dit tot hier te bring? Dis kunsmis en lone en voer en saad. Die sak kos verbrands 'n sikspens. My kinders gaan al kaalvoet skool toe, selfs in die winter, en jy weet hoe dit in die Wes-Transvaal ryp. Die miskuttels self vries. Ek kom nooit eers by nie, wat nog van voor?”

Dan nog die droogte! Sonder ophou. Dis 'n oneindigheid van lug en nêrens 'n wolk nie. Blou en blou en blou, dag in en dag aan. „Vader, U het aan Elia 'n wolk soos 'n man se hand getoon — niks meer nie — en

voor die son weer oor die Karmelberg opgekom het, het die waters neergegiet. Ons het gesondig, maar sien ons in genade aan. Here, hierdie wêreld kán tog ook blom en vrugte dra — geelperskes en groenmielies en pampoene wat oorvloediglik rank. Maar nou's dit stof soos in die begin met g'n voedsel vir mens of dier nie, so horingdroog dat die geringste luggie dit los vee. Vergaar die droë stof dat dit weer aarde word. Graan en gras en groen — alles verdroog. Die diere soek 'n heenkome in mekaar se skaduwees en sak net daar inmekaar. So gaan U van ons almal bywoners maak, witvel-armlastiges. „Die ellende en die swaarkry word te volop in hierdie land.”

En toe weer oorlog. Net toe ons begin asemskip, dit effens breër neem. Engeland en Frankryk teen Duitsland soos in '14, en wat het dit alles met ons te doen? Ons het ons oorlog gehad, kamp toe gegaan daarvoor, in ons duisende gesterf. Maar die Smelterregering stem en Boer en Boer spat uitmekaar. Ons word skape, Totius se herderlose siek diere, en die meerderheid koers agter Smuts aan met sy bokkapater baard. Alamein is derduisende myle van ons vandaan en Tobruk bloot 'n pleknaam in die woestyn. “Sign on boys, for king and country!”

En julle ander halsstarriges! Julle rebelle, julle Ossewa-brandwagte, julle baardmanne en voortrekkergerokte vrouens, julle dom hardekop-erfgename van 'n opstandige geslag. Ons sal julle trap met ons leeroprygskoene, julle koppe onderhou dat julle pleit. Teken, verdomp! Interneringskampe, ontslag. Teken!

En dit ses jaar lank. God save our gracious king. Boer se kind kry swaar plek op 'n trein, ellendeling wat durf uit 'n bioskoopsaal uitloop terwyl die volkslied gespeel word. „Bloody Boerbastards! Ons sal julle regsien.”

Dis ossewabrandwag en waarheidsridders. Broer teen broer en pa teen seun. In die ou hoofstad se strate bars tuisgemaakte bomme, en motorkarre ry stilletjies snags met 'n verloorde soldaat of ontsnapte geïnterneerde agter in die bak. Jou oë wik en weeg en jou neus ruik 'n goedgesinde uit. Soos vroeër meet jy jou pad en trap dan lig op jou eie grond. Waarheen trek ons hierdie keer?

Potchefstroom was so mooi toe, met sy baie water: die dam, die rivier, die grootvoor, leislote wat die water van erf na erf voer. Daar was nog lappe vlei-aarde aan weerskante van die Mooi. Daar het die Grieke groente gekweek, en daar was geil kweperlanings wat erf van erf geskei het.

Vir 'n kind gewoon aan die armoede van net een pomp („Apools, maak los die wiel, die wind kom op, toe gou!”) was die water oordadig, die ware volheid wat aan Adam beloof is. Palmiet en papkuil het ruig in die turf langs die stroom gegroei sodat jy met jou hande daar 'n pad moes oophou om by die oewer te kom. En orals om jou ruik jy die versadiging, grond so deurweek met vog dat hy sponsig meegee, biesies eintlik deurskynend van sap. Slyk en groen mos dam op in die kuile, en teen die walle gaap krapgate. Jy vleg kranse van biesies, lê 'n mat van riete, knoop 'n springtou van bokbolranke, en wanneer jy om jou kyk, is dit na die groen deemoed van die wilgers. Was dit dieselfde aarde as by Rooilaagte, hierdie groen vrygewigheid?

Veral Septembermaand. Ons het wit viooltjies in die ou presidents-tuin gepluk, opslag-groeiseltjies op die blaarmat onder die populierbos — 'n nuwe ligte lente, en al die tyd was ons bly, bly! Alleen hy wat die wurg van die winter om sy keel gevoel het en die elke nag se ryp, ervaar so totaal die nuwe gety.

Ek het nog niks gesê van die mielies nie, en as jy verbyry by die huis waar ek grootgeword het, sien jy dis omgewe van mielies. Land na land na grootland, met die huis en tuin 'n klein eiland net in die groen. Of jy slaap of wakker was, speel of werk, smôrens en saans, hulle was om jou, leërskares graan. Israëliete wat opruk in die wind met spierwit saadpluime.

Dit was 'n grasgroen mielieheelal en geheel en al in homself genoegsaam, want man en vrou was saam aan een stam. Stuifmeel aan die kop en stamper aan die stronk sodat duisende vrugbeginseltjies die manlikheid in hulle blink hare vaskeer en voer na die stronk waar die wit pitte in egalige rye ontwikkel.

Melkmielies, groenmielies, braaimielies, en op 'n aand trek Flip Smit se masjien verby die skool na die naaste hoop dorsmielies. Ons word mal. „Haait julle volkies!”

Die styselwit graan het op die onbarmhartigheid van die Wes-Transvaalse bestaan met sy alte dikwels droë somers en lang rypwinters die patroon van orde geplaas. Ploeg en saai en eg en oes. Augustusmaand maak jy nog met stronke vuur — soos hulle kan brand — maar in September meet jy alweer die lug agter die bakenkop vir reën. Die lewe gaan aan.

Maar ook die dood!

Ek is klein nog. My ouma is siek op die dorp. Hulle laat Ma en Pa roep. Ek bly agter by bure. Ons gaan na 'n begrafnis. Daar is baie mense, ook baie kinders. Ons speel aanmekaar: wegkruiper en blikaspaai. Ons gesigte is bloedrooi van inspanning en ons asemes jaag.

Toe wys hulle die lyk. 'n Mens val in in 'n tou. Jy beweeg voet vir voet vorentoe tot agter 'n gordyn. Dis 'n skatryk lyk. Maar hy's dan so stil, so wit, so . . . „Ma! Pa! Hy's dan dood!”

„Sjuut kind, maar natuurlik. Dis waarom ons hier is.”

„Uren, dagen maanden.”

Ek skreeu elke nag. Ek huil.

Ma en Pa praat: „Sy het die man tog glad nie eers geken nie.” Dan harder: „Hy's begrawe, kind, gebêre diep in die grond. Wees rustig.”

Maar wat van die dood? Hoe hóm begrawe, al maak jy hoe 'n diep gat?

„Sy sal daaraan gewoond raak. Almal moet.”

'n Koei val in die sloot. Haar been is af. Sy bulk tot wie weet waar en hulle skiet haar op die plek.

'n Wit kat lê met stokstyf pote een oggend op die agterstoep, en oom Koot kry so beroerte dat al sy kinders kom.

Die dood is orals, en al wat leef, is sy skyf, selfs die agteraf Wes-Transvaalse aarde is vol gate geskiet, en daar is niemand om die skuld op te laai nie. Julle of hulle, jy of ek? Wie het so ergerlik misdryf dat alles en almal in die skaduwee leef? Kon ons tog net 'n bok in die woestyn in stuur, dan word ons wêreld weer heel, selfs die dor, plat Rooilaagte-aarde met sy baie miershope.

Ek lê op my rug. Onder my is grond en bokant lug, en tussen lug en grond is niks. 'n Bult miskien of 'n effense glooiing wat die blou breek, maar eintlik is daar niks, dit wat was voor Genesis.

Ek word bang en spring op, probeer om met my oë die ruimte te vul. Daár is Welgeluuskool en dan Bultfontein se bome en daarvandaan aan — ek weet dit — lê Ventersdorp en Ratzegai en Lichtenburg, baie plase en dorpe en mense. Ek dink hulle in bestaan, forseer so die ruimte vol. Maar soos ek kyk, groei die blou om my aan. Dis so enorm, so sonder einde, waaragtig die wêreld van die begin. Hoe jou plek hierin bepaal sonder 'n vlermuis se radar of 'n toktokkie se klop? Want hier is selfs die tyd bysaak: dag of nag, somer, winter. Al wat **is**, is die ruimte. In hierdie nabywoestynstreek kry die **niks** gestalte en die niet syn; sien word glo.

Jy sal nooit hierdie plek vind nie, hoogstens dink jy herken die bakenrandjie of meen dis nou die skooltjie vanwaar die paaie wegtak, maar voor jy dit verwar met die plek waar ék grootgeword het, onthou: die tyd is 'n swart kraai wat alles wat verby is, in sy nes vergaar en dit daar — hoog, buite bereik van mens en dier — jaloers bewaak.

LOUIS EKSTEEN

GEBOORTIG, NEEF, IN 1900

Dit sou die eeu van rewolusies wees . . .
maar toe het ons dit nie geweet.
Ons het getrek, maar nie weg meer nie:
na toe, na die stede.
Pioniere steeds.
Ons wou groei. 'n nuwe taal en nasie.
Maar nou?
Wat gryp ons weg?
Ons het gesoek, na wat?
Ek vloek.

Ek vloek, ou neef.

DIE UITBREIDING VAN MY STAD

gulsig en gul gryp masjiengrawe
die rooi grond hap vir kwykende hap
langs die stad
sodat die oase van vroeër met bome
en snydende skerp fonteine
en wit huise met tuine
en strate geskuil onder lanings
toegegooi word onder hope grond
'n oop wond wat sug sypel
in die wydoop stukkende veld

luister o luister hoe klink die vermanings
almal weet wát om te doen
hóé wáár en wannéér volgens wet en beplanning
die tong is geoefen vir praat sê beveel
maar die stad se hart het verdwyn
die hart van die sprekers beplanners sêers
het voor dié tyd al verdwyn

as die son nog kan skyn
skyn hy op oop wonde
maar nie meer om te genees
die helende krag van sy strale is nou
vervat in formules in die beplanningsboek
gereduseer tot fisika

en die stad bloei dood aan sy wonde
maar gulsig die gryp van die grawe
die sluk van slik uit die sloot
die stad word groot

ONS BIED U DIE REIS VAN DIE EEU

Ag liewe heer
ek reis nie meer
nie fisies nie
dis te sê
in my gedagtes wel
en tussen dik blaaië van 'n boek
maar **nie** meer fisies nie
want Parys is Parys nie meer —

kyk, laat ek jou sê
wie vind jy daar?
'n klerkie uit 'n muf kantoor
duisend kilometer weggetoor
van sy vermuftte lêers
en wat sien hy hier
hier in die stad van Molière
om van Montaigne nie eens te praat
hy dink Pantagruel is sop
of 'n pantoffel dalk van grof verweel
Gargantua 'n filmmaatskappy

die naam die wêreld sê hom niks
daar's net koppeling met die kommersiële sy
met die handelsmanie van ons dag
of Natalie Niemand van Brakfontein
haar wipboude gebult in satyn:
mielie- koring- sitroenkoningin
mejjuffrou strooi prinses —
die landbou word mos nywerheid
is selfs 'n koninkryk van geld en mag —
sy's verkrag maar weet dit nie
en toer nou deur onder meer Parys

ag wie wil reis?

ADVERTENSIEDIGTER

Kom nou, digter, praat nou sterk
oor die rymdwang in jou werk
laat jou woorde suis en gons
of fladder-vlieg soos disseldons.

Wat jy tans of môre sê
sal altyd waarde vir die leser hê —
maak jou vulpen en jou hart dus oop
en laat die versreëls voluit loop.

Maak elke leë plekkie vol
met woorde wat soos jellie stol —
laat almal wat wil, kom luister
as jy oor maagpyn ook jou woord wil fluister.

Ag, hoe sal die wêreld ooit tog weet
dat jy soos elke werker sweet?
So, laat jou versies bokspring oor papier
terwyl jou sybroek oor die sitplek skuur.

DORPSHUIS

'n Hond, 'n kat, 'n eenbeenvink
wat in sy kou aan jodium pik
— voor, in die son, op die stoep
'n deelgenoot
ou tant Skalk wat lapkomberse stik
en streng op skoolkwajongens roep
wat hulle koggelend uit die voete maak
en van ver af veilig skree:
Alvier reggemaak!

SEEPOEL

'n Blink lens van die lewe
wat die vonkelwyn van bruin seewater
in lig vang: klein sterre en skulpe
klipvissies se skuwe inglip
na skadukante
'n mossel se groen slip
— geheime nisse —
klein konsentries
spring sirkels van geboorte lewe dood
spikkels plante? diertjies?
na buite

die see stoot skielik oor
suis die fyn vlak weg
kolk skuim bo-oor

maar trek dan terug

KLOOSTER

'n Klooster is 'n toe plek
dis net die plek vir my
daar kan ek my warm in die mure inrol
teen die wêreld.
'n Gebed teen die môre bewaar my
van die bose daarbuite
ek rol my warm in my mure op

sit op 'n bankie in die son
en laat my boek stadig omblaai
teen die wêreld daarbuite.

'n Klooster is 'n toe plek
met 'n ringmuur teen die son
en binne 'n klein vierkant groen gras

met 'n bank net vir my vir my
afgesluit van myself in die wêreld
verlos van die bose daarbuite.

Oggerol in die kombes van die mure
leef ek weg van die son
op 'n growwe bank in die môre
op 'n vierkant lig tussen die mure

wat hoog tussen my staan en die bose daarbuite.

OORVLOED

My taal is wild van moontlikhede
dit groei ruig
maar ek's nie aldag lus vir snoei
so laat hom groei!

OOM PIETER SE DOOD

— aan 'n niggie —

Ek is vandag in rou
met hierdie lang pers lint
van Pretoria tot in Stellenbosch
verbind met jou
. . . waar jy 'n blonde kind was
met appelkooswange —
tussendeur hang die druiwe ryp
in daardie beskutte dal
en lyke lê in groot vrugbare verval
. . . ek drink voor ete nog
die onvergelyklike sjerrie van Drosdy
— waar ek geloop het
en jy.

'n Blink glasier sjerrie
en dié pers lint verbind my
met jou
ek vou my hart sorgvuldig toe
in rou.

DIE GOUE MINUUT

Oupa se woorde, dié môre aan tafel, het almal skielik stil gemaak:

„Koos, jy moet twee volk vat en vir my 'n graf laat graau.”

Ouma het haar praat met Ma net so gelos en haar albasterblou oë na Oupa gedraai. Ma se lepel pap en melk het halfpad opgehou. Pa se vurk sê kling, en toe vat hy dit weer en maak of hy nie hoor nie. En om te wys hoe besig hy is, sê hy:

„Ek gaan die groot trop vandag tel en die Mei-ooie uitsif dat hulle hier in die vleikamp kan kom. Sal jy vir my 'n bietjie kos en koffie in my saalsak sit?”

Maar Ma sit nog daar — wit en bleek en glad nie soos sy aldag is nie. Ma het geskrik soos toe sy Kleinboetie se dood sien kom het.

Ek voel sommer hier is vanmôre 'n ding los aan tafel. Toe Oupa weer:

„Ek dink julle moet hier tussen die groentetuin en die handpomp begin.”

Pa is nie 'n man vir grappies nie en sy stem kry daardie krakie:

„Vader, ons het nie nou tyd om te loop en verniet gate graau nie.”

„Nee, ons het nie. Jy weet hoe is die grond hier om die huis. Ek wil 'n ordentlike netjiese graf hê: gruis van bo tot onder, so nie, moet julle dit uitmessel, maar ek wil liewers in die grond lê.”

„'n Graf? Is Vader ernstig?”

„'n Mens skeer nie gek oor sulke dinge nie. Meet dit uit, en sit Ma-loes en Jakob aan om te graau.”

„Maar watse gegraf-graf is dit? Vir wie?” Pa raak nou ergerlik.

„As hier skielik dood kom, gaan julle nie 'n graf betyds klaar hê nie. Dis turf tot wie weet waar, of klippe of banke. Waar gaan jy soek vir 'n goeie plek vir 'n kerkhof? Toe, laat ek hoor?”

„Daar by die ou skyfgat is die grond goed.”

Ek ken die plek. Ou Kolbooi is daar begrawe. Ek het Sondae in die wal gaan koeëls soek as daar Saterdag skyfskiet was. Toe is die baan verskuif na Oom Hennerik se plaas en het die skyfgat die dierekerkhof geword. So 'n maand na daar 'n dooi dier ingegooi is, kon jy daar derduisende sulke wolgoggatjies sien hardloop oor die bene. Maar jy moes bokant die wind staan, en selfs dan moes jy maar net kyk en weghol as jy nie wil ruik nie.

Toe ek weer luister wat die grootmense praat, is Oupa al 'n ent weg: „. . . naby die huis hê sodat jou Ma met gemak daarheen kan loop. Niks verder as 600 tree nie. Hoe moet sy anders by die graf kom?”

Ma eet nie meer nie. Haar oë dryf alweer — pure trane en bruin hart-seer. Miskien het sy weer 'n „snaakse droom” gehad. Dis die! En nou Oupa se praatjies. En pa wat koppig bly:

„Ek graau nie 'n graf as niemand dood is nie!” En Oupa, nou meer as koppig, ernstig soos wanneer hy die biduur lei en die mense bykom oor hulle sondes:

„Jy hoef dit nie te doen nie. Sit die volk aan. Gaan kies net die plek. En help my nou op stoep toe,” en hy vat na sy kurke wat teen die stoel leuen.

Oupa is groot. Hy moes vir hom spesiale stoele laat maak. En sy knieë was geswel — te vreeslik. Nog wat hy oorgehou het van die oorlog toe die Engelse hom van Bombaai na Kakookkamp aangejaag het — dié vreeslike loop in die bloedige son! Nou moet hy met kurke loop. Ons sê kurke. Dis net Meneer Gravett wat krukke sê. Eers hou Pa die dik kurk regop en Oupa sit sy voet teen die punt en vat dan die steel vas en trek hom op uit die stoel. Dan son toe, na die hoek voor die buitekamer waar die Aprillug-gie hom nie kan vang nie.

Ouma kom sit die Bybel op die tafeltjie langs hom, Ma bring sy bril en die voetstofie met die warm bakstene in. Hulle help hom nog hiermee as Pa en Maloes-hulle met pikke en grawe verbykom en naby die groentetuin besig raak. Later verveel dit my en ek gaan terug na Oupa op die stoep dat ons weer kan teiken skiet.

Oupa sit in die Bybel en lees, en soos altyd begin hy hardop lees as ek by kom:

„Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel —

die wêreld was hulle nie werd nie — hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond.

En alhoewel hulle deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie,

omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.”

Toe vertel hy my weer van die oorlog en hoe swaar dit was om in 'n vreemde land in ballingskap te wees.

„Maar dit was alles goed. Die Here weet wat ons nodig het. Hy oefen ons om nie op hierdie aarde tuis te wees nie. As my bene gesond was, het ek nie nou die Bybel geken nie.”

„Is dit swaar om met kurke te loop, Oupa?”

Hy kyk ver weg — na die bult oorkant waar die ou skyfgat is, nog verder of hy oor die bult tot in 'n land agter die blou en verby die ou leeu-rikkie kyk.

„Dis beter as om glad nie te kan loop nie. Dis nog loop. En as mens moet stilsit, loop jou gedagtes baie verder as gewoonlik.”

„Wat se graf graau hulle, Oupa?”

„My graf, Seun. Myne.”

„Maar Oupa leef dan nog!”

„Onthou jy Noag se geskiedenis?”

„Ja Oupa.”

„Ken jy nog Hebreërs 11 vers 1?”

Ek soek in my gedagte tussen die honderde versies wat Oupa my geleer het en kry dit:

„Ja, Oupa.”

„Nou toe. Laat ek hoor.”

„Die geloof dan is ’n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ’n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.”

„En onthou jy hoe ek vir jou bewys het dat die dinge wat jy nie sien nie, daar is?”

„Oupa se oorlosie. Ek kon dit voel. En ek kon dit hoor tik. Een van die sterre wat bedags nog daar is, Oupa.”

„Ja, en die onsigbare kuiken in die eier. Ons sit dit drie weke onder ’n hen en glo daar sal ’n kuiken uitkom. En Ou Breker se kalwers wat na hom lyk al kan jy nie sien wat dit veroorsaak nie.”

Ek sien sommer Oupa wil my op ’n ander draai lei en kom terug graf toe: „Maar die graf, Oupa! Oupa is nie dood nie!”

Ouma het in die voorkamer voor die venster sit en lees en kon ons seker hoor gesels. Meteens skuif sy die raam toe en sy stap haastig weg of sy nie wil hoor nie.

„Noag, ou Seun, het ’n waarskuwing ontvang. Die Here gee die mens soms droomgesigte sodat hy kan weet. Toe ek ’n jong man was, een koue nag — ek het die klein lammertjies moes red sodat hulle nie verkleum nie — het ek ’n dag en ’n datum gesien, sê maar ’n groot oorlosie met ’n goue minuut waarop die wyster gaan stilstaan. Ek glo daardie minuut is naby.”

„Hoekom huil Mamma dan, Oupa?”

„Jou Ma het baie lief, my Kind. Maar sy glo nie soos jy glo nie. Sy wil die Here voorsê wat om te doen.”

Dit lyk of Oupa vanmôre effens bewe — nie of hy koud kry nie maar eerder of hy opgewonde is. En vir die eerste keer wen ek hom ferplie met die teiken skiet.

Die aand is dit stil aan tafel. Elkeen eet sy eie ete. Al die woorde is die gewone aangee-woorde. Maar niks van die skape en beeste nie. Of van watter lande al amper reg is vir die oes nie. As die koffie kom, hoor jy net teelepels klink, maar nie woorde nie. Dis of Pa-hulle se gesels wit gedroog het, soos die mielies wat ryp gekry het. Dis net Oupa en ek wat so nu en dan praat: oor die windbuks wat nog buite staan. Ek moet dit gaan haal en droog vryf en bietjie soetolie smeer. En oor die duiwe — of hulle kos gekry het. En toe, onverwags, sommer reguit met Pa, of Pa ’n teiken is:

„En die graauery, Koos? Lyk dit of die grond reg is?”

„Ek was nie weer daar nie, Vader. Ek het dan nou-nou eers van die skape af gekom.”

„Sal jy môre voor brekfis asseblief gaan kyk? Jakob lyk nie of hy met lus graau nie.”

„Niemand het lus vir grafgraau nie, Vader. Dis onnodige werk.”

„Bring die boeke, Coen.”

Nou word daar haastig afgedek. Die twee kerse kom weerskant van Oupa aan die koppenent. Ek sit die Bybel en gesangboek daar neer en soek my sitplek langs my ma op. As sy terugkom van die kombuis, sit Oupa reeds verdiep in die Woord. Ons almal is reeds stil, praat gedemp uit respek vir die oop boek. Oupa kug, en begin lees.

Die kerse brand geel, wikkkel as Oupa die groot bladsy omblaai. Ouma sit langs die rusbank, voor die wit kantgordyn. Die venster is bo oop, onder weerkaats dit dof Pa se gebleikte kakiehemp. Ma hou my hand styf vas. Sy bewe-bewe. Arme Ma. Ek wens sy wil glo soos ek. Oupa is nie bang vir die dood nie. Hy sê die goue minuut kom nader.

„Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons ’n gebou het van God, ’n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele.”

Ek sien die nagmaalswa met sy wit tent en sy riempiesbed. Pa en Maloes-hulle steun en lig die wit tentkap af. Party woorde raak weg in die geel vlam van die kers, ewig, in die hemele met goue strate . . .

Ma huil nou saggies en ek troos haar met albei my handjies. Pleks dat sy met Oupa gaan praat. Oupa sê dis net ’n oorstap. Dis of jy uit die donker inkom in die voorhuis met sy lamp- en kerslig en sy warmte in die winter. Die dood is voor-die-vuur-gaan-sit en jou hande en voete warm maak.

„En die hel, Oupa” het ek gevra.

„Die hel? Nee, ek weet nie, my Kind. Oupa weet net van die hemel. Maar daardie aanjaag in Indië — dit was miskien ietsie van die hel. Maar ek dink die verlanget na my vaderland en na Ouma het dit seker ook erger gemaak. Die Bybel sê die Ryke Dwaas het ook verlang. Dis iets wat die hemel nie ken nie.”

Oupa lees en lees. Ek hoor nie meer nie, sien net sy wit hare soos ’n mistige weer om sy kop. En sy stem kom uit al twee die kerse en uit die lamp en maak die wêreld lig, dra my na ’n goue poort, en die engel met sy vurige swaard steek sy swaard in sy skede en wink ons nader — ek en Oupa.

Die nagsê is anders vanaand. Dis nie so lekker warm as gisteraand nie. Ma is haastig — om haar trane al weer kom, en Ouma is heeltemal dom. Sy vat hier en daar en orals en is net elke keer in iemand se pad — in Pa se pad as hy Oupa ophelp, in Ma s’n as sy die warm water vir Oupa se voetbadjie bring. Ouma is nie heeltemal Ouma nie. Dit lyk of sy bang is

vir Oupa, kwaad byna. Dis net ek wat verstaan Oupa moet weggaan dat hy by die Here kan inwoon soos ek by Oom Kerneels-hulle inwoon as dit skooltyd is. Ek kyk na hom as hy op sy kurke kamer toe gaan. In die verbykom sit hy sy hand op my kop en glimlag tot by sy oë.

In die volgende week word Oupa byna onmoontlik, so haastig is hy. Maloes-hulle probeer orals, maar die grond is net nie reg vir 'n graf nie. Dis groot ronde klippe wat uit die walle breek, of dis turf tot dieper as wat 'n graf moet wees, of dis gruis en klipbank, gruis en klipbank. Teen Vrydag begin hulle die sewende gat op die rantjie bokant die hius graau. Pa loop oral rond en is skaam en vies, en hy kla die mense sal dink hy wil Oupa dood hê. Watse lawwigheid is dit? En Ma paai en praat mooi en huil.

Om alles te kroon kom Tant Kwaai Martha ook nog daar aan en klim pa van 'n kant af in. Sy is 'n piekie, maar met haar groot kop en swaar gelaatstrekke en met haar dik stem maak sy mens sommer van veraf bang. Pa sit so en so, maar hoe hy ookal sit Tant Martha sê hy behoort hom te skaam nie. Die hele buurt lê vol van die voorbarige grafgraauery en dis omdat Ma seker weer haar kamstige voorbodes gesien het. En aan Ma se huil kan ek agterkom sy moes seker maar weer „'n snaakse droom” gehad het, al het ek nie daarvan gehoor nie.

Toe Tant Martha nou klaar het met Pa, wat nie kan stry oor die graf nie, gaan pak sy Oupa. Ek sit nog altyd in die kamer vasgekeer, te bang om te roer. Maar ai, die Oupa darem!

Tant Martha wil nog op galop trek toe Oupa haar kenketting net daar vir haar korter maak:

„Kyk hier, Martha, daar is dinge wat jy niks van weet nie. As jy in Noag se tyd gelewe het, sou jy een van die ongelowiges wees wat verdrink het.”

Mense! Deur die kantgordyn sien ek hoe sy rys en hoe haar gesig nog groter swel van die kwaad word:

„Ek 'n ongelowige?”

„Ja! Jy sou Noag nie geglo het nie, netsoos jy my nie glo nie. Wat weet jy van my tyd — hoe die Here my kom en gaan gereël het? Jy is te kort om behoorlik bo-op 'n tafel te sien of daar stof is, en nou wil jy die hemel aan kant maak. Klim op jou kar en laat ons ons eie sake reël. Dis 'n ding tussen my en die Here. En verder tussen my en my mense. Nou toe. Ry! Dis al naby melktyd en jou plaas wag vir jou.”

Die arme ma, die arme ma! Pa kon van kwaad of nie weet wat om te doen nie buitentoe vlug — kamstag om te kyk hoe vorder die graauery. Maar Ma sit net daar vir Ouma en kyk, en Ouma is net so hartseer, maar haar De Wet-bloed laat haar hou en hou! Sy byt behoorlik op haar tande om niks te sê nie.

Ek kom staan by Ma en ek wil praat, maar as ek haar trane so sien, kan ek dit ook nie hou nie en ek gaan sit by haar met my kop op haar skoot en ek gryp haar bene vas.

„Toe maar, Mammie. Oupa gaan nie dood nie. Hy gaan na sy vaderhuis. Hy sê self . . .” Maar toe ruk Mammie se lyf so en haar trane val so op my wange dat ek sommer stilbly en haar net wil vashou. En ek wens en wens in my hart sy wil die dood verstaan. Die inkom uit die donker en by die vuur gaan sit.

Maandag was die graf klaar en Pa moes die motor vat en Oupa ry tot daar. Oupa het so by die bopunt van die graf gesit en inkyk en gesê:

„Ja, dis netjies. Nee, dis goed so. Ek voel nou tevrede.”

„Kan ek dit nou maar weer toegooi, Vader?”

„Nee, Koos. Nee. Maak dit net met ’n paar sinkplate toe sodat hier nie diere kan inval nie.”

„Maar dis mos nou klaar. As ons dit eendag nodig kry . . .”

„Juis. Maak dit toe met sinkplate. Dis al.”

Ai, dit was maar ’n kwaai week daardie! Dis of almal geweet het van daardie oop gat op die rantjie. En Oupa se lees en bid saans het al meer en meer gevra vir die genadige beskerming oor diegene wat beproef is. En laat ’n ieder en ’n elk wat getugtig word tog die vredevolle vrug van geregtigheid pluk.

Dan staan ons van ons knieë af op en my oë is eers dof van die styf toehou want ek weet ek moet saam met Oupa bid. Dan, na ’n rukkie, sien ek Mammie wat al treuriger en al bleker lyk, Ouma met haar De-Wet-kin al witter en al harder van die vasbyt, Pa heeltemal deurmekaar van die viesgeit vir Oupa se dinge en jammerte vir Ma se swaarkry. En praat kan hy nie. Hy weet Ma huil nooit verniet nie. En al sê hy haar drome is bog, het hy al geleer om liever te luister, soos dié slag toe sy gesê het die kar gaan omval en hy moet nie Kitchener inspan nie. Van toe af luister hy vir haar, al is dit langtand.

Dinsdag, ’n week later, sit ek en Oupa op die stoep toe hy op sy horlosie kyk. Hy sug en kyk dan met ’n glimlag na die bome voor die huis, na die klip bo die deur met die datum 1897 daarop. Toe stuur hy my om Ouma en Ma te roep, hy wil kamer toe gaan.

Dis snaaks, dink ek, Oupa gaan nooit dié tyd kamer toe nie.

Ouma-hulle kom en ons almal help Oupa om op te staan en sy kurke reg te sit vir loop.

In die voordeur kyk hy nog ’n slag om. Die Mei-son lê warm op die stoep, ’n duif koer in die groot bloekom. Ver hoor ons skape blêr. Hulle antwoord as Pa hulle roep om hulle sout en Kerol te gee.

Ek gaan haal vir Oupa drinkwater, Ma bring ’n bietjie voetewaswater. Hy sit op die kant van die bed en was sy voete teen mekaar. Hy maak sy goue horlosie, met die silwer blaartjies daarop, los van sy onderbaadjie, knip dit oop en kyk lank hoe die swart wysterjies ’n hele slag in die rondte loop. Hy sit die horlosie op die kassie voor die bed, en druk dan die deksel toe met ’n slag.

Ma en Ouma staan daar half verwese, half onseker wat om te doen.

„Voel jy sleg, Michiel?” vra Ouma. Oupa antwoord haar nie. Hy haal sy voete uit die water en gaan lê so met sy nat voete op die bed op sy rug, met sy kop op die kussing.

„Wees my genadig, o God, na U goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van U barmhartighede.

Was my heeltemal van my ongeregtigheid en bevry my van my sonde.

Want ek ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my.

So lê Oupa daar en sê Psalm 51 op met 'n helder stem. Maar hy bid eintlik so met sy opsê.

„Here, open my lippe, dat my mond U lof kan verkondig.”

Toe kyk Oupa lank na my, na Ma wat met tranes in haar bruin hartseeroë staan. Toe na Ouma — lank en met 'n glimlag tussen hartseer en bly-wees. Toe lig hy sy hand of hy tot siens wil sê, en sy mond val oop. En Ouma druk sy oë toe en sit 'n gebondelde sakdoek onder sy kakebeen. En Oupa lyk heeltemal jonk en hy glimlag of hy 'n groot blydschap het.

Toe weet ek — die goue minuut het gekom!

TANT HANNIE SE LAASTE DAG *

Aan die onderpunt van die dorp, op die sloot se wal, lê 'n paar groot watererwe. Die mense wat hier woon, is so-te-sê almal ou inwoners van die dorp. Nie juis bedeed met aardse goed nie, probeer hul 'n bestaan losploeter met tuinerytjies en hoenders en 'n melkkoei of twee. Dit hinder hulle nie dat die dorpslokasie onsierlik op die oorkantste wal van die sloot oopgevelek lê nie. Hul is gewoon aan die gedurige verweg geroesemoes van skel stemme. Daarby is hul heeltemal gerus. Min sou dit waag om die sloot teen die watererwe oor te steek. Die uitspoelwalle is daarvoor te hoog en krummelrig.

Op die laaste erf, 'n hoekerf, bly Sias en Hannie Lategan. Woon eintlik reeds jarelank al in die witgepleisterde huisie, van kort na die depressie, toe Oom Sias sy plaas moes verkoop en eintlik net genoeg uitgekry het om die erf aan die punt van die dorp te koop. Sien soms nog as hy tussen die groente-akkers woel vergesigte van 'n stewige opstal en ruimtes. Nie dat hy ongelukkig is hier op die dorp nie. Die Goeie Vader is vir hom goed. Hy het 'n redelike leeffoggie, so met Aster, sy Jerseykoei en die klompie wit Leghorns.

En dan natuurlik Hannie. Met haar sou 'n mens ook oral en op enige plek kon woon. Deur die jare was sy vir hom die vrou van sy hart. Vóórslag ook, so met haar tingerigheid en al. Die huisie self is klein. Net maar 'n slaapkamer, voorhuis en kombuis. Hieroor is Tant Hannie deesdae bly. Meer sal sy beswaarlik kan behartig. Daarby is dit heeltemal voldoende vir hulle twee oues. Kind of kraai het hulle nie. Soms, as Tant Hannie aan haar kinderloosheid dink, wil sy weemoedig word. Maar Sias is vir haar so goed. Sy mag nie murmereer nie. Nooit op straat nie, aldag maar hier om haar. Sy kan eintlik net maar roep. Eensaam is sy dus nie werklik nie. Een ding: halfverskonend, maar baie dringend was dit haar daaglikse gebed — die Goeie Gewer moes haar tog net nie alleen sonder Sias op hierdie ou tranedal laat agterbly nie. Bekommerd was sy darem nie regtig nie. Sias is so 'n sterk, stil mens. Dit is sy wat vol allerhande gebreke en kwinterye is. Is dit nie die swaar gevoel op die krop van haar maag nie, is dit weer die gedruis in haar kop. Sias het juis nou die dag gesê sy moet 'n slag by die dokter uitkom.

„Jy lyk mos vir my altevol 'n bietjie verlep deesdae,” het hy gesê. „Ons moet vir jou 'n slag by Dokter Robbieson kry en laat hy kyk of daar nie dalk van binne met jou fout is nie.”

„Maar Sias,” het sy gekeer, doodsbenoud vir die geuittrekkery en gevoelery by die dokter. „Maar Sias, dis niks nie. Sommer net so 'n bietjie sooibrand en 'n dronkerigheidjie in die kop. Ook net partykeer. Ek onthou oorle Ma het ook altyd daarvan gekla.”

„Almiskie. Maar moet nou nie lat ek weer praat nie. Wat sal nou van my word as jy dalk onnodiglik 'n ding oorkom.”

„Ag mens . . .”

* Hierdie verhaal is geneem uit die bundel *'n Baksel in die Môre* — *Boerestories uit die Stormberge* deur Hennie Aucamp en Margaret Bakkes, wat later vanjaar by Tafelberg-uitgewers verskyn. — Red.

Vir die twee ou mense is die dae eenselwig. Oom Sias staan vroeg op, 'n gewoonte wat hy van die plaasdae af oorgehou het. Sesuur smôrens, somer of winter, werskaf hy reeds op die erf rond. Tant Hannie gun haarself die weelde om 'n bietjie later te lê. Sy is nou maar eenmaal nie die sterk, gesonde mens wat Sias is nie. Sias steek altyd die stoof op en sit koffiewater op. As sy dan dink dat dit naastenby aan die kook is, kom sy uit die kamer om die koffie te maak. Sodra Oom Sias die reuk van die vars koffie kry, staan hy huis se kant toe. Met oggend vir oggend dieselfde woorde:

„Hoe die mense deesdae die winkelkoffie kan verkonsemeer, weet ek nie. Proe vir my soos waswater.”

Hoorbaar en met genot slurp hy dan aan die koffie wat Tant Hannie self brand en met haar eie meuletjie maal.

So 'n ruk later eet hulle agtuur: mieliepap, bruinbrood en bostee. Voldoende versterking vir die dagtaak. Vóór agtuur egter is Oom Sias klaar gemelk. Daarna skei hy die bietjie room, maak die melkkamer skoon en was die seperyster. In die groenlandjie sny hy dan bietjie groenvoer vir die koei en vir die hoenders. Teen die tyd sit die son ook al hoog. Tant Hannie maak op haar beurt, die huisie môre vir môre van hoek tot kant skoon.

„'n Mens kan nooit weet wat lê vir jou voor die deur nie en uit 'n vuil huis moet hulle my tog nie dra nie.”

Hier teen elfuur se kant roep sy dan vir Oom Sias vir 'n lafenissie. Bietjie karringmelk as hulle het of maar weer 'n koppie rooibos. Van die wat haar oorle suster se man gereeld nog vir hulle van Clanwilliam se wêreld af gestuur het. Sy wou tog altyd nog so graag Clanwilliam se wêreld loop kyk het, maar hierdie Stormbergese kontrei van hulle sit te ver en nou dat haar suster dood is, is dit ook anders. Maak eintlik nie meer saak nie. Nes haar onvrugbaarheid.

Die eenselwigheid van hul dae pas by die alstadiger draaiende tol van hul lewes. Aan die einde dink hulle noodgedwonge, Tant Hannie met 'n vrees vir die alleenbly wat sy maar nie heeltemal kan afskud nie; Oom Sias met 'n weemoedige wete dat die klein, grys vroutjie nie sonder hom die lewe sal kan kleinkry nie. Dat hy tóg maar as dit die wil is, die langslewende moet wees.

Oor die dorp is die bergwinter reeds grys-koud. Snags kleur die ryp die gras vaalgeel en die son kom eers laat en flou agter Salpeterberg uit. Die koue vang Tant Hannie onkant. Dis asof haar maer lyf strammer en stokkeriger word as die ryp soggens so wit op die groenlandjie by die sementdam lê.

„Kyk vrou, dis gans onnodig vir jou om so vroeg uit die kooi uit op te wees. Ek steek tog vuur aan en sit die water op. Ek kan net sowel die koffie maak en vir jou 'n koppie kamer toe bring.”

Maar Sias, ek kin mos nooit! Wat sal Mieta-hulle sê as hulle moet hoor my man bring soggens vir my koffie in die kooi.”

„Ag Hannie, wat het dit nou met Mieta te doen? Jy maak nou soos ek sê.”

Half hartseer voel Tant Hannie omdat Sias vir haar so goed is. Die eerste paar oggende bloos sy skoon as Sias die koffie inbring en sy met 'n „Haai, mens, dankie . . .” teen die kussings opskuif.

Een oggend staan Oom Sias soos gewoonlik op. Behaaglik vroetel Tant Hannie 'n bietjie dieper in die bultak se sagte vere in en sonder dat sy wil, sluimer sy weer in. Om ineens helder wakker te skrik, met die son wat hoog en sterk by die venster inskyn. Sy sukkel vervaard uit die bed. Hoe kón Sias haar so laat verslaap het? Met rukkerige beweginkies pluk sy haar klere aan en haas haar stywerig kombuis toe. In die deur bly sy staan. Waar sou Sias dan wees? Dan sien sy hom. Skuins agter die deur, so half weggesak teen die muur. Sy oë toe en die blou lippe styf opmekaar gepers. Sy kniel stramweg langs hom, totaal bestorwe.

„Sias, Sias . . . is jy siek . . .?”

Daar is min mense op die begrafnis. Tant Hannie gaan saam met Mieta en Jan, haar bure. Ook maar al wat na haar omgesien het. Die Dominee praat mooi maar vir Tant Hannie is sy woorde onbegryplik. Hy praat dan asof alles finaal verby is. Dié om die oop graf kyk effe verwonderd na Tant Hannie wat met stil, kalm gesig toekyk as die draers die kis laat sak. Mieta veral is verwonderd. Selfs toe hul agter die swart lykswa van Eb Skrat aangery het, was Hannie onbewoë. Vir haar, Mieta, is dit altyd verskriklik hartseer as Eb Skrat se pragtige swart hings die waentjie met die kis agter die glasruite so deur die dorp se strate na die kerkhof toe trek.

Na die begrafnis nooi Mieta maar die begrafnisgangers na haar huis toe om te kom koffie drink. Hannie sou tog nie vir so iets kans sien nie. Wat ook nou van die arme sterfling moes word.

„Hannie, ons moet jou goedjies kry dan slaap jy maar vannag by ons. Môre kan ons my dogter se seun vra om net saans daar te slaap. Sommer in die voorhuis op 'n katel, as dit dan moet. Jy kan tog nooit snags so alleen bly nie.”

Tant Hannie kyk haar verwonderd aan. Net so verwonderd as wat Mieta flus na haar gekyk het.

„Maar Mieta, volstrek nie. Ek is mos nie alleen nie. Dis goed van jou, mens, maar ek slaap vannag in my huis. Ek kan mos nie weg wees nie. Jy weet Mieta, ek moet my reghou.”

As sy wegdraai is haar ou, smal gesig net so kalm en rustig as wat dit by die oop graf was. Sy stap doelbewus en haastig na haar huisie oor die straat, sonder om weer om te kyk na Mieta.

Sake kry verbasend gou weer koers in Tant Hannie se huisie. Dis byna asof dinge maar aangaan soos toe Oom Sias nog daar was. Behalwe dat Jan haar help om vir Aster te verkoop en haar daaglik van 'n kannetjie melk vir huisgebruik voorsien. Hiervan skeep sy die boroom af en karring dit van tyd tot tyd in 'n bottertjie in, genoeg vir haar geringe behoefte. Met die tyd maak sy ook die hoenders een vir een weg, hou net twee lêhennetjies en 'n haantjie.

Sy staan weer soggens vroeër op, met dié dat sy nou self moet vuur maak en ketel kook. As die koffiewalm so van die stoof se kant af kom, gaan staan sy gewoonlik so 'n wyle by die agterdeur, met oë wat oor die werf soek. Draai dan prewelend om om haar koffie by die tafel te sit en drink. Nougeset voer sy elke dag haar pliggies en takies uit.

Saans by die olielamp vat sy Boeke voor sy kamer toe gaan. Die één gebed word al sterker: die Liewe Heer moet tog net asseblief vir haar 'n aanduiding gee as haar tyd haas verstreke is. By haar groei dit al sterker dat Sias nie weg is nie, dat daardie eerste, dringende versoek nie tevergeefs was nie. Ongesiens is hy almaardeur by haar, in die huis, oor die erf. En hy sou haar kom haal. Selfs in die vallei van die doodskaduwee sou die Vader haar nie alleen laat ingaan nie. Hy sou vir haar laat haal. . . Daarom wou sy graag alles agtermekaar hê. Net so een ou daggie voor die tyd moes sy die wete kry. Haar hele gees en doen en late raak almeer ingestel op die weerontmoeting met Sias wat onsienlik, nie werklik weg is nie.

Die lente kom en gaan en 'n drukkende somerhitte lê oor die dorp tussen die berge. Die dae word vir Tant Hannie eindeloos lank en die hunkering na die dag van weersiens al sterker. Maar met 'n gerustheid dink sy daaraan. Sy sou nie van Bo teleurgestel word nie. Vanweë haar geloof. Hy het mos goed gewet hoe sy voel en wat sy nog alles hier op die laaste moes afhandel.

Sy word op 'n oggend vroeër as gewoonlik wakker. Die oggendlig is grys voor die raam en die luggie wat die gordyn roer dra nog die nag se koelte. Die wakker voor die bed staan op vyfuur, 'n uur vroeër as haar gewone opstaantyd.

Sy sou nog 'n bietjie dut. Die dae was reeds so lank. Tussen slaap en wakkerte sweef sy. Dan vlieg haar oë oop. Sy hoor dit duidelik, hier by haar in die kamer, deel van die grys oggendskemerte. Sias se stem.

„Hannie, vrou, staan op, daar is baie wat jy moet klaarkry en wag sal ek nie kan nie.”

Vinnig sukkel sy uit die bed uit op. Sy het mos geweët. Nou sou sy tog alles mooi agtermekaar kon kry. Eers vuur opsteek en koffie maak. Vir die holligheid op haar maag. Daarna.

Uit die kas in die hoek haal sy hulle — haar beste slope en lakens. Oorle Ma het nog vir haar die puntjies om die lakens gehekel en om die sloop se breë val. Sy het hulle uitgespaar, so deur die jare. Een o' tweekeer op die plaas gebruik as die leraar met huisbesoek kom en cornag. Maar nou was die tyd daar om hulle te gebruik. Sy skud die vere-bulsak tot dit hoog uitbol en haar asem rukkerig raak. Toe stryk sy die lakens daarvoor glad. Sy trek die slope oor die kussings en skik die valle reg. Die bodeken is spierwit en kraakglad gestywe.

Nou kom die huis aan die beurt. In die kombuis word al wat 'r rak is afgepak. Sy knip die skoon koerantpapier versigtig na grote en met getande rande. Die twee koperkastrolle teen die muur, die fluitketel, die mes-segoed. Alles word blink gevryf met koue as wat sy altyd eenkant hou.

Buite skyn die son reeds warm. Effe kortasem stap Tant Hannie om die huis. Die angeliere voor die voorhuisvenster moet nat kom. Die reuk van die nat grond en angeliere in die oggendhitte laat haar dink aan die mirre en wierook waarvan sy in die Boek gelees het. So moes dit geruik het. Net so, soos haar wit angeliere en die nat bruin grond.

Met taamlieke moeite vang sy die twee hennetjies en met hulle onder haar arms vasgeknyp, kom sy uitasem by Mieta aan.

„Mieta, mens . . . neem tog die ou hennetjies vir jou. Jy was altyd vir my goed. Hulle lê nou mooi. Die haan moet Jan maar later vang . . . Nee, ek kan nie bly nie, mens, ek moet nog die wêreld versit en die tyd is min.”

Dis nou of daar 'n ding in Tant Hannie los is, 'n opgewondenheid soos sy nog nooit gevoel het nie. Terug in die koel huisie, stap sy reguit na Sias se klerekas toe. Sy haal die donker kispak tussen die ander klere uit. Ruik vir Sias. Bekend. Hier by haar in die kamer, reeds. In die kombuis stryk sy die pak — baie sorgvuldig. Elke donsie en rafeltjie word afgeborsel en as dit uiteindelik na haar sin is neem sy dit terug kamer toe en hang dit buite langs die kas op.

Van die heel boonste rak van die kas haal Tant Hannie nou 'n plat, vaal kartondoos af. Sy neem dit kombuis toe sonder om dit oop te maak. Skud dit eers daar los, die sagte wit jurk. En sy voel soos daardie dag jare terug toe Oorle Ma haar gehelp het om haar troutawwerd te stryk. Soos 'n bruid ja . . . Die jurk het sy laat maak, met die fyn opnaaiseltjies oor die bors en die kant om die hals. So het Oorle Ma haar geleer. 'n Mens moes voorbereid wees vir jou sterfdag. Ook na die liggaam. In die kamer lê sy die jurk oor die bed, versigtig, sodat dit nie weer kreukel nie. Net so het haar bruidsrok destyds oor die bed gelê en wag . . .

As die skemer oor die dorp toevou, is Tant Hannie se taak afgehandel. In die kombuis ruim sy die laaste skottelgoedjies op. Stywerig van die ongewone strawwe gewerskaf, leun sy oor die oop onderdeur. Die aandlug is die asemtog van die somer. Oor die erf lê perserige skemerkleure. Die windpomp se wiel beweeg af en toe krakerig om en 'n stroompie water word in die sementdam uitgespoeg. Sy bly lank so kyk, totdat die donkerte die toneel inmekaar laat versmelt en verdwyn. . . Dan draai sy om. Uit die fluitketel gooi sy warm water in die lampetbeker.

In die kamer gooi sy die water in die groot kom met die blou blomme op, uit. Dit was nog 'n troupersent destyds, die beker en kom, van 'n tante van haar wat op Molteno gebly het. Half verleë haal sy die fyn onderklere uit die onderste kaslaai, trek dit aan, skugter. Dan laat sy die lang jurk oor haar skouers gly. Sy sien haarself in die spieëltjie bokant die tôlebô. Kniel strammerig by die bed voor sy tussen die lakens inkruip. Hande op haar bors gevou, sluit sy haar oë en lê stil. Sy wil nie die kooigoed deurnekaar woel nie. Oorle Ma se lakens . . .

Dis nog skaars oggend as Tant Hannie wakker word. Voor die venster dam 'n grys mistigheid. Soos die vorige oggend wonder Tant Hannie waa:om sy so vroeg wakker is. Toe onthou — en sien hom op daardie oomblik, vaagweg omlyn in die kamerdeur, teen die kas. Hoor haar naam,

soos in 'n dowwe droom. Hy kom haar haal. Soos sy gevra het. Saam met hom sou sy deur die hek gaan en met die straat af, tot waar die mis so dik word. . .

Soos 'n bruid val haar lang jurk sierlik om haar as sy opstaan. In haar die blyheid. Die lampetbeker koud en hard, hande wat uitskiet. Sias.

Elfuur kom Mieta oorgestap, sommer by die oop agterdeur in. Roep deur die huis maar kry geen antwoord nie. Sy bly voor die kamerdeur staan, bestorwe. Die figuur op die grond is klein en stil in die spierwit doodsjurk. Die strepie bloed langs die slaap is reeds gestol. Vreemd tog, dink Mieta, die swart kerkpak in die stomme Hannie se arms.

BONGA ¹⁾ “. . . wel een weinig
tot uw stichting.” *)

Deur die openingsparagraaf in *Bonga* word ons oënskynlik binne 'n historiese werklikheid geplaas. Dat hierdie werklikheid slegs geld vir die „Bonga”-mense, word agter in die boek deur die skadeloosstelling van die skryfster bevestig. Die waarheidsillusie wat deur die openingsparagraaf geskep is, is 'n bykomende middel om die leser in hierdie „wêreld-deur-woorde” te laat glo.

In hierdie eerste paragraaf word twee ander sake pertinent problematies: die *oënskynlik* sinlose uitwissing en die *byna* waansinnige uitwissing. Die uitwissing van Massangano was dus nóg sinloos nóg waansinnig. As dit so is, wat is dan die sin? Hierdie laaste vraag is die durende problematiek in die boek. Die verhaal gee wel die motiewe. Die *sin* moet ons self agterhaal. En hieroor, oor die sin, kan ons verskil. Hierdie sin kan agterhaal word deur 'n indringende ontmoeting met die karakters. Dit blyk die aangewese weg omdat die titel van die boek die naam van die hooffiguur is en omdat die uitwissing van „Massangano” oënskynlik 'n menslike angeleentheid was.

Die redes vir die uitwissing van die nedersetting word by wyse van vraagstelling, wat moontlikhede stel, aan die leser bekendgestel. Al hierdie motiewe sentreer hulle om die Bonga-figuur. Dit is 'n ou saak en het by sy vader Nhaôed begin. Dié het verraad gepleeg, maar die owerhede sou dit hom nie toereken nie. (Ons moet miskien nou reeds kennis neem dat *toereken* 'n religieuse konnotasie het in die sin van „sondes nie toereken nie”). 'n Ander vraag wat lig probeer werp op „die oënskynlike sinlose, byna waansinnige uitwissing van Massangano” (bl. 7), is 'n vraag na die afkoms van Bonga: Was hierdie vernietiging omdat die leier, Bonga, 'n halfbloed en seun van 'n rebel was? . . . omdat hy die blanke meisie, Inacia Maria, begeer en tot vrou geneem het? . . . omdat hy hierdeur aanspraakmaker op die landgoed van haar vader en ook wettige eienaar van 'n deel van die land sou word? Teenoor Bonga lees ons van luitenant D'Areujo: Sy bloed was suiwer, soos Inacia Maria s'n. Hy het 'n hartstog vir haar gehad „wat gegroei het totdat sy lewe daardeur oorheers is”, terwyl die „vooruitsig dat die prazo eendag syne kon word, nie onaantreklik” (bl. 9) was nie. Dat D'Areujo Inacia Maria verloor het en daardeur ook die grond, was vir hom bitter in die mond. Bonga het hoegenaamd nie trek gehad vir die landgoed nie.

Deur die kontrastering van Vas d'Areujo en Bonga word die leser ingelei waarom Bonga en die aringa, en nie D'Areujo en die fort nie, vernietig kon word: Vas d'Areujo was aards gerig, Bonga bo-aards. Dit word o.a. weerspieël in hulle beleving van Inacia Maria. Luitenant D'Areujo se waarneming van haar is gerig op die uiterlike, die liggaam-

¹⁾ Joubert, E., *Bonga*, Tafelberg, 1971.

²⁾ Gijsen, M., *Joachim van Babylon*, Amsterdam, 1966.

like en is byna sinlik: Die luitenant kyk wederregtelik hoe sy besig is om 'n nuwe rok aan te pas. Van die nuwe rok en die meisie in haar totale skoonheid sien hy net „die naakte arm” (bl. 11). 'n Tweede keer kruis hulle weë — hierdie keer in die kerk. En selfs hier val sy oog op „die uitdy van die heupe, die vorm van die bene, die vorm van die arm” (bl. 13). Ook in die winkel trek haar naakte arm hom magneties: „Die arm was so naby aan hom dat hy daaraan kon vat” (bl. 14). Hierteenoor is daar 'n wedersydse beleving tussen Bonga en Inacia Maria. Hierdie bewuswording is ook, in teenstelling met Vas d'Arenjo s'n, piëtisties — 'n vergeestelike, „hemelse” ervaring: „Dis asof sy effens na vore leun toe hy sy hand uitsteek en met die agterkant daarvan haar gesig aanraak, saggies, asof hy wil seker maak sy is tog nie deel van die beeld nie” (bl. 33). En later: „Sy onrus het na haar ook gekom” (bl. 34).

Net soos bevraging, kontrastering en die gebruik van 'n waarskynlike historiese erklikheid, is tydverspringing 'n belangrike middel van die skryfster om die leser te betrek by die boekwerklikheid. Die eerste en laaste hoofstukke beeld elkeen op sy eie wyse 'n terugkyk op die vernietiging. Die laaste hoofstuk, net soos die eerste, gee oënskynlike redes vir die uitwissing van Massangano. Die laaste hoofstuk doen sekere byvoegings bv. die ivoor van Nhaóed, maar waar die eerste hoofstuk Bonga se gedrag as fokuspunt het, is die fokuspunt hier dié van die vernietigers en veral die „luitenantjie wat teen dié tyd bevorder is tot kommandant van die fort” (bl. 157).

Die emosionele kwaliteite van die mense van die fort: haat en hebsug van die luitenantjie, onrus van die kerkmense, die gewetensweersin van Massangano se vyande word netjies saamgevat in een sin: „Dit is swaar om iemand te vergewe die kwaad wat jy hom aangedoen het” (bl. 157). Daar is nog 'n ander sin wat dieselfde konstruksie het as hierdie, en daarom groepeer ons hulle saam en ondersoek die moontlikheid of die struktuur nie vir ons 'n moontlike sleutel tot die „sin van die uitwissing van Massangano” is nie.

Die rede wat dan verband hou, is: „Omdat hulle die boosheid in hom te goed in hulleself herken het, en die goede die ek wil, die kan ek nie. Of die goedheid in hulleself nie kon vind nie, en dit nog swaarder was om te dra as die ander” (bl. 156). Ons het hier te doen met 'n geestesgesteldheid wat 'n verhouding stel tussen Tete se mense en Massangano s'n. Alhoewel die boosheid in albei partye was, die boosheid die oorheersende mag was in die manne van die fort, is Bonga ook nie van die boosheid los te maak nie. Hierdie geestesgesteldheid, die Bybelse verwysing, en die teenwoordigheid van die sendeling bring hierdie boek ongetwyfeld op die vlak van die religieuse en slegs op hierdie vlak kan die sinvolheid van die „oënskynlik sinlose uitwissing van Massangano” agterhaal word. En meteens sal in 'n retrospektiewe beleving van die boekwêreld ander handelingsmomente, met name dié van Bonga, in patroon val.

Voor ons egter verder gaan of eintlik teruggaan op die spoor van Bonga, moet ons die onmiskenbaar religieuse verwysings duideliker omlin:

Die boosheid is in hom en hulle. (U ken die belydenis: Ons is in sonde ontvang en gebore; daar is niemand wat goed doen nie.) En verder

— in byna biblietiese taal — „die goede die ek wil, die kan ek nie”. Let ook op sulke woorde soos „begeer” en „hebsug” en „Godverlate” en dat „die genade van die Here by hulle, en nie in Tete was nie”. Let ook op sulke woorde soos „begeer” en „hebsug” en „godverlate” vader, D’Areujo, Inacia Maria, al die mense van Tete: „Nie net hy (dis nou D’Areujo) was die skuldige nie: selfs dié wat nie saam opgetrek het nie, maar in Tete agtergebly het, was getuie, het die skuld help dra” (bl. 157). En, u onthou — „hulle het die boosheid te goed in hulleself herken”.

Gesien teen hierdie agtergrond — en ook die oorlogsbedrywighede — roep hierdie „totale uitwissing” die „banvloek” in Bybelse tyd by ons op. So gesien was die „uitwissing van Massangano” dus ’n oordeel. Nou probeer ons vasstel: Waarom die oordeel? Om dit vas te stel moet ons die woordwêreld van Bonga goed begryp en beleef.

Bonga was driftig in die aanval op Tete, daar was geen keer aan hom nie. Cassengere sê vir hom: „Stadig!” Maar Bonga wou die bevele nie meer hoor nie: „Los my, Cassengere. Los my, wie gaan Tete vat, ek of jy?” Maar hoe anders is Bonga toe hy by die kerk kom: „Die wilde geskreeu, die skote, die vuur, het hom opeens nie meer geraak nie” (bl. 30). Bonga is in die donkerte en beweeg na die kerk toe. In die lig van wat ons aanvanklik bespreek het, vra hierdie subtiele oorgang ons aandag: By die kerk is daar nog lig in die voorportaal. Die lantern langs die kerk verlig die wit buitemuur. Hierdie lig trek Bonga. Deur hierdie „stap oor die oopte” na die kerk ervaar hy die stilte wat hom „vreemd van sy mense afsluit” en bewus maak van sy eie dade — „hy hoor sy voetstappe,” „hy dink aan die wat hy gedood het”. Hy betree die kerk en by die aanskoue van die Christusbeeld begin sy „plat neusvleuels” roer: „Jets wat hy nie kan begryp nie, vat aan sy hart, maak hom pap binnekant” (bl. 31).

Die lig wat Bonga tot nou toe getrek het, was vir hom bekende lig; lamplig, weerkaatste lig. In sy herhaalde vorm bring die *wit* en die *lig* ’n verdieping: Die liggaam is *onaards wit*, (teenoor die wit muur), die uitstraling van die lantern is vir hom gewoon, alhoewel die weerkaatsing teen die wit muur iets onverklaarbaars ingehou het, al was dit nou net die assosiasie met wit — die kleur van reinheid. Die lig wat hy nou waarneem, is totaal anders; die bron is nie ’n lig nie, maar ’n beeld, ’n liggaam; dit vat nie net aan sy hart nie, maar roer iets diep verborge in hom. Sy hande het vroeër vaster aan die geweer gevat — die geweer was dus nog ’n wapen, iets waarmee hy hom kon verweer. Nadat hy die beeld aanskou het, beteken die geweer as stut niks nie want hy sak tog neer op die vloer. Hierdie beeld neem van hom besit — hy voel selfs die gewig van die kop wat hang.

Bonga het nog nie die „gees van onderskeiding” nie: Hy kan die Christusbeeld nie „onderskei” van die meisie nie: „Hy dink sy is deel van die dooie beeld” (bl. 31). Hierdie sterk assosiasie van die meisie met die beeld moet ons vashou, want sy word vir Bonga ’n lewende verteenwoordiger van die Christusbeeld. Bonga het skaars ’n „diep verborge”, misterieuse kennis opgedoen van die Christendom of hy bevind hom onbewustelik in ’n aards-hemelse spanning: Alhoewel hy bewus is

van die meisie hier langs hom a.g.v. haar geskuifel, wil hy sy kop nie omdraai om na haar te kyk nie omdat „die uitstraling van die man soos 'n band om hom” (bl. 32) is. Alhoewel hierdie beeld 'n byna magiese mag oor hom het, word hy tog los daarvan en word die meisie sy belangstelling. Waar sy oë „vasgenael was aan die figuur op die kruis”, en hy hom nou omdraai om na haar te kyk, „is dit asof sy wang, sy oog wat weggekeer is, nog aan die beeld van die man vashou. Die hele beweging van sy liggaam . . . eien die man toe”. 'n Bietjie later het hy „van die beeld weggedraai en kyk sonder ophou na haar” (bl. 33).

Van haar beweeg sy aandag na die werklikheid. Juis sy, verteenwoordiger van die aardse in hierdie omstandighede, konfronteer hom met die werklikheid d.m.v. haar weervraag: „Waar woon jy?” Nou word hy onrustig, vervaard. Toe hy uit die kerk uitgaan, is sy omwêreld vir hom vreemd.

In Hoofstuk Vier oorheers Bonga se gevoel vir Inacia Maria hom. Hy het die kerktooring wel „in die oog gehou, maar nie daarheen geloop nie. By 'n straathoek waar die kerk opeens wit en naby opgedoem het, het hy ook verby geslenter” (bl. 38). Sy tweede besoek aan Tete was dus nie met 'n gewelddadige doel soos die eerste nie, maar ook nie om religieuse redes nie: hy „het sin gekry in die dogter van die prazero van Domre” (bl. 45). Die derde besoek van Bonga aan Tete is nog verder verwyder as die tweede van die heldhaftigheid, vernielsug en wraak van die eerste. Elke besoek van Bonga aan Tete verteenwoordig ook 'n niveau in die emosionele en geestelike groei van Bonga. Tydens sy derde besoek word hy weer eens gekonfronteer met die kruis. Nou deur die „half klam warm goue kruisie in sy bewende hand” (bl. 55). Op sy vierde besoek aan Tete, die een tydens sy huwelik, is die sentrale emosionele belewenis van Bonga nie soos ons sou verwag die van huweliks-liefde nie. Hy is „van haar onbewus. 'n Ander mag het hom van haar weggeneem” (bl. 63). Alhoewel Bonga hewig ontroer word wanneer hy gekonfronteer word met die Christelik-religieuse bv. die kruisbeeld in die kerk en die kruisbeeld om die hals van Inacia Maria, is Bonga skaars gelowig. Sy bygeloof tree nog sterk op die voorgrond bv.: Op die dag van sy huwelik val 'n voël se mis net voor hom op die grond — dit beskou hy toe as 'n goeie teken; toe hy en Inacia Maria na die ou plaashuis was en sy hom alleen laat ingaan, was sy eerste gedagte: „Die meisie wil my toor” (bl. 54).

'n Beslissende insident in Bonga se lewe is waar hy sy eie, pasgebore kind die kop vermorsel nadat hy die dolosse op 'n ruwe manier gegooi het. Die onverantwoordelike daad van sy jeug wil hy vernietig — hy probeer dit dan ook doen met vuur, maar die moeder ontkom aan die dood. Bonga voel letterlik vuil met die as op hom, maar ook figuurlik — dus sondig. Daarom is sy swem in die rivier somaties maar ook geestelik 'n onderdompeling, 'n reiniging. Nou is hy finaal op die pad van isolering — die jong klomp met wie hy een gevoel het, vermy hom — hy word 'n alleenloper. Dan groei die onrus in hom: Hy het nie meer agter die olifante aangegaan nie en ook nie gaan visvang nie. Later is sy enigste gespreksgenoot Augustino — let hier op die verband wat die naam hou met die kerkvader Augustinus s'n. Augustino moes

hom alles van die kerk vertel: Dit lei ons af uit Augustino se woorde: „Ek kan jou nie meer sê nie. Dis soos die fort, groot mure om niks. Net hulle doen goed in die kerk. Hulle doop en hulle trou” (bl. 119). Hierdeur verkry die verraad teen Bonga ’n ironiese implikasie waardeur die valsheid van die kerkmense, Vas d’Areujo en selfs die priester, ten lig gebring word.

Twee sake wat Bonga bygebly het en wat vir hom verkeerd was en waarvan hy hom wou distansieer, is die nag in die kerk en sy belewenisse in die hut toe hulle ’n „kind van sy bloed” na hom gebring het. Toe was hy, in sy eie woorde, nie Bonga nie. Toe hy hom uiteindelik self wil ontdek, maak hy hom los van sy vader Nhaóed, sy swart moeder, die mense van sy stam en bid hy vir die eerste keer en maak hy die kruisteken. Dit is ’n verborge aanvaarding van die Christendom konkreet opgeroep in die taal (vgl. bl. 123).

Bonga is vreemd aan sy stam deur sy keuse van die wit vrou, die bemoeienis met die christelike godsdiens en die verborge afswaar van sy vader, moeder en stamgenote. Bonga wou ook sy kind laat doop: ’n bewys van sy aanvaarding van die Christendom. Toe hy in die kerk sterf deur die „koeël van D’Areujo”, weet ons dat die haat van D’Areujo oorweldig het. D’Areujo „voel geen bevryding nie, daar is ’n swart beklemming wat voor hom opdoem . . . dit omsluit sy hele wese” (bl. 150). Maar die bloed van Bonga was op sy seun se kop. Bonga was „geestelik” ’n *halfbloed* totdat hy uiteindelik kon bid. Hy bly egter verward: As leier was hy te geïsoleer om volkome leier vir sy stam te wees. Hy het, a.g.v. sy heul met die vreemde godsdiens, totaal van hulle gebruike en gewoontes afgedwaal. Sy onvermoë om te regeer (hy het self deur die aringa gebreek), sy gebrek aan daadkrag (soos die eerste aanval op Tete, nadat hy in die kerk Inacia Maria ontmoet het) en die wraak van D’Areujo, is redes vir sy dood en die vernietiging van Massangano.

Na my mening lê die sin van die uitwissing van Massangano in die boodskap nl. dat Bonga by die aanvaarding van die Christendom, aanvaar het dat die verraad van Nhaóed, sy noodlottige meegaan met Inacia Maria in Bybelse taal „besoek sou word”. D’Areujo se haat het vernietiging gebring. Bonga se liefde bring voortlewing. D’Areujo was wel suiwer blank, maar wraaksugtig en hebsugtig en het ’n sinlike ingesteldheid gehad. Bonga was ’n halfbloed, bygelowig maar het gedurende sy lewe die sin van die lewe ontdek. Deur sy lewe te verloor, het hy dit gewen. Stellig kan Marnix Gijsen ook van Elsa Joubert soos van Joachim van Babylon sê dat sy nie die boek uit naywer, bitterheid of vermaak geskryf het nie; „wel een weinig tot uw stichting” (bl. 175).

I

WIT ANGELIER

Vlerkies wind gestol in wit
ritselinge son
wit sagmoedigheid:
oorgegee om wit angelier te blom

Ek kyk in die oë van die wit angelier
en wit gedagtes blom
ek kyk in die oë van die wit angelier:
wit gestolde gedagte van God,
wit wenk van deernis,
wysies geur
wat die suidewind roep
om my tuin in melk te was

BRING MY

Bring my jou woorde,
trooswoorde
met vy en viooltjie
baie tuine gelede,
dat ek kan skuil
teen die bloedreën van wonde
wat nooit genees nie,
bring my, bring my
jou wapperende reënboogwoorde

en die son
wat in hulle voetspore volg

TULP

Soos 'n roep so rooi
straal 'n tulp in my lugblou vaas
en sy kelk loop oor
en vlokkies lig val deur die tulpgewelf
— waar die meeltrade Marsmanne staan —
en bly flikkerend vlam
in my in 'n melkweg van sinne versteek

SLAAPBOOM

vir Salome

Ek vleg met die voetpad van die ure
deur ruigtes dreunings van die see
vleie witter stilte
tot by die slaapboom
waar ek
waar die maan skoppelmaai
uit die vinknes van 'n ster
eiertjies van lig
gaan haal

en hulle breek in my drome
nes sterre verskiet,
elkeen al sewe sy kleure

WEERKAATSING

Verby die klopkring van my denke
in bane binne-stilte
klop 'n ánder ek wat binne-blinklig laai,
en as ek deur die klankgrens
in die stiltebane
my dieper-ek in witter stiltes breek
blink weerkaatsings God-in-my

en ek is Ek is vry
in glinsterende stilte,
in die bliksems wat Hy skiet

VINJET

Sy word wakker deur sluiers
en 'n stem wat buig oor haar:
„Moenie meer huil nie,
daar kan weer 'n baba wees.”
Dan onthou sy.
Dankie, God,
daar sal nie meer 'n baba wees nie.
Kon sy net ook maar so verdwyn.
„Toe nou, jy mag nie meer huil nie,
jou man is netnou hier.”
Sy waai in die wit
van die kliniese kamer
waai in die wit
van die verpleegsterstemme
waai
in die wit
waai

hulle laat haar alleen
tevrede dat sy kalm is . . .

Eers as hy buk oor haar
weet sy dat hy daar is
en haar oë word vol
van die songeel affodille wat hy gebring het
en die diepkolk in haar nawel brand
in weerwil van haarself

Hy kom haar haal huis toe
ses dae later.
Hulle ry na die berkewoud
om die eerste sneeu te sien
en tussen die lang wit stamme
in die vallende vlokkies
ruis sy
en voel dit sag op haar tong
en deur haar liggaam smelt,
in die hoë toppe trek die wind sy registers oop
en soos blomme is dit grondlangs stil

Al dieper in die ongeskonde wit se stilte
stap hulle
en onder berkeboë
neem hy haar in sy arms,
neem hy haar.
En die orrels van die wind bly stil

Rondom hulle liggame
verdiep die sneeu se vrede
so diep en so wit
dat hulle trane
vinniger val soos die sneeu

NOORDOOSTER

Blits-akkedissee sand
voor die wind se peits
die see se voete vlam,
gedagtes lê soos afvlerk-meeue
in opdrifsels wind verstrik

STRELITZIA

Klein grys ontploffinkies van onthou:
'n rit op die voorstedelike trein
en al die kleure halfmas in jou stem,
reënnat strelitzias uit jou wintertuin
hulle kykies van klank,
kagelvuur en klaget
en 'n stringetjie hartseerwoorde
uit 'n blou melodie
en die ligkring van jou hande
en die warm valleie van jou oë

Die dag stort sy blare.
Winter is vroeg vanjaar.
Ek wonder by wie jou reënnat strelitzias
klankies
kla

IEWERS

Iewers
tussen perkamente van herinnering
is daar één
volkleur
en in goud verlug
die rol van ons liefde
aan die begin,
as ek dit net kon vind
in hierdie krisisuur

II

Marie-Katelijne Marie-Katerien
wie heeft er de kleinen bugel gezien
wie heeft er de groten bugel gezien
en wie Gaston met zijnen basson
PAUL VAN OSTAIJEN

CHELSEA

In die Klub Ad-Lib
ravot die effloresse elite
met Nureyev en Spaanse contessas
gedy op 'n leefreël
van
Dom Perignon-sjampanje
swart koffie en lewersout
reis
in 'n Rolls en 'n E-soort J
met Bow Bells-stemme

en!
dasse baadjies en ouderdom —
uit

NOVA

Chic charade en joie de vivre
en pure oë hare los,
slierte diamante en smaragde
speel hulle kitaar
versamel objets d'art
studeer die kunste . . .
brand nagte deur
rondom patio's in Portugal
by maskerbals in blas Bahama
streng volgens formule:
perkelose Europese praal
verbete Amerikaanse rock en soul

altyd elders:
novas in die superster-dae

ACAPULCO

In multi-kleurstralers
kom pierewaaier-rykes
in Acapulco aan
vir 'n vierdaagse parranda
by die hotel wat hang aan die rots
(elke suite met sy marmervoel)
diepseeduik en seiljagvaar
hangmatswaai en perdry op die strand

vroue pronk
in Pucci-bedrukte palazzo-pajamas —
artikulate heupeswaai —
en manne swier in pastel-linnebroeke
bandanas om die nek
en middernag
(’n kitsorkes per straler uit New York)
frug almal kaalpoet om die poel

BLOKKIES-RAAISEL

Maar miskien het alles tog al vroeër begin, vóór hy met blokkies behep geraak het?

Of is dit ook juis as gevolg van —

Daar is in ieder geval mense wat nog onthou hoe vreemd hy die dag by sy vrou se graf opgetree het: nie gehuil of iets nie, net skielik geweier om blomblare wat hom aangebied is oor die kis daar onder te strooi, net skielik omgedraai terwyl die dominee tog nog gestaan en wag het om die finale woord te spreek. Hy was toe glo ook nie by die begrafnismaal daarná, wat sy ma en suster spesiaal kom voorberei het nie. Teruggegaan graf toe? Nee, ook nie. Hulle het hom by die kerk gekry later, aan't opkyk na die klok. Verskriklik intens aan't opkyk na die klok wat dié middag sy vrou se jare een vir een uitgebeier het: nege-en-twintig, dertig.

Baie lief vir sy vrou? Dolgelukkig getroud? Nou ja, hoe sal 'n mens weet. Hy het ook maar hard gewerk, vooruit gekom in sy werk soos almal maak, saans nog op kantoor gebly as dit moes, vies gelyk as die telefoon lui en dis net sý wat vra wanneer hy terugkom. Saterdaggaande na 'n fliék of musiekkonsert, maar ook nie altyd nie, nie as hy te moeg was vir uitgaan nie. En natuurlik wás hy dikwels moeg, hoe anders?

Maar tog. Soms het 'n mens hulle in 'n klein kafeetjie sien sit, by 'n rooi tafeltjie in die hoek, en dit kan wees dat hulle hande gehou het — die blomme het half gekeer, 'n mens kan nie seker wees nie. Iemand sê hy't vroeër êrens skoolgehou, vir háár skoolgehou en lank gewag dat sy moet groot raak sodat hy met haar kon trou. Dis praatjies, hoe waar dit is kan niemand hier in die stad seker sê nie. Weliswaar wás hy veel ouer as sy.

Die blokkies. Ja, hy het met sy werk voortgegaan en in sy woonstel aangebly na haar dood, en af en toe 'n meisie uitgeneem. Nie juis dieselfde meisie twee keer na mekaar nie. Hy het moeg geword en laat op kantoor gebly, nes voorheen. Hy het nooit meer na daardie kafeetjie gegaan nie, maar so 'n wonderlike plekkie was dit nou tog ook nie, en soms het hy gaan fliék of 'n meisie musiekkonsert toe saamgevat. Dis tog hoe dit gaan, nie waar nie: niks bly staan nie.

Die blokkies.

Eendag by 'n speelgoedwinkel ingelooop en gevra: „Het jy blokkies? Van die soort wat kinders gebruik om mee te bou? Van hout?” Daar was net die stereotiepe soort in voorraad, met die alfabet op een kant, 'n diertjie of ding op 'n ander, en so aan. „Sorry, maar ons Krismis-voorraad kom eers in Oktober, nou is ons bietjie uit,” het die winkelier gesê. „Verjaar jou kind?”

Hy't nie geantwoord nie. Net later betaal en skouerophalend met die pak begin wegstap. „Daar was blokkies in die kas, maar nie genoeg nie,” het hy ingedagte gesê. „Nie genoeg nie.”

Daar wás? Hoekom? Het hulle dan vroeër 'n kind gehad en het sy blokkies nog êrens in 'n kas bly lê? Iemand sou tog geweet het. Tensy dit vroeër was; hulle was immers al getroud toe hulle hier in die stad kom woon het. En nou dat 'n mens daaraan dink: was daar nie lyne om die vrou se mond wat té diep gegroef het vir haar dertig jare — Ag, so 'n agterna-spekulasie. Dis maklik om jou dinge in te beeld as jy by 'n oplossing probeer uitkom.

Al wat enigiemand tog seker weet, is dat hy blokkies gaan koop het, en toe later nog by 'n ander winkel. En nog. Verskillende soorte, nie net vierkantiges nie. Jy kry mos deesdae weer die soort van vroeër, met bruggies by, en driehoeke, en selfs trappies en torinkies. Nie so stewig nie, en 'n handjiewel kos jou 'n fortuin. Party is bruin, ander geverf. Daar is soorte met gaatjies in die middel, en ander met gleufies of knoppies om die aanmeekaarsit te vergemaklik.

Hy het gebou met dié blokkies. In woonstelle om syne was kinders, en wat kinders nie deur toe deure en diggetrekte gordyne agterkom nie, was nog nooit die moeite werd nie. Hulle, die kinders, kon jou gou vertel hoe hy op die mat gesit en bou het asof sy lewe daarvan afhang. Veral een outjie met 'n latlyfie kon jou alles vertel, want hy kon met die grootste gemak van hulle balkon na syne gryp-en-klou-en-skuur. Sou hy self nie blokkies gehad het nie? Ure kon hy grootoog daar sit, tussen die gordyne deur staar, totdat sy ma van die werk gekom en hom geroep het. En langer, want sy was moeg na die lang dag en wou nie gepla wees deur sy vyfjarige gehoekom nie.

Hoekom inderdaad? Hoekom bou 'n man van veertig met 'n kind se blokkies? („Gaan speel. Ek sal jou sê as jy een-en-twintig is. Gaan speel.”) Wat 'n mens doen, veral hier in die stad, is tog maar jou eie saak en dikwels genoeg vir 'n ander vaagweg 'n raaisel.

Hy kyk na die ingewikkelde konstruksie wat hy pas voltooi het: met 'n toggie asem sou hy dit kon omblaas, só delikaat pas blokkie op blokkie. Veral die boonstes: net hoekies raak in die roekelose wenteling boontoe boontoe boontoe.

Miskien as hy verder staan? Versigtig. So. Kyk na sy konstruksie, na elke lyn daarvan soos hy dit in die nag reeds uitgedink het. Dis foutloos, pragtig. Maar sê dit iets? Leef daar 'n antwoord in die stapeling van vierkant op vierkant, en die rondinge en punte van ander blokkies, die spitse?

Niks. Blokke hout, vierkante lig tussenin. Weefwerk hout-en-lig, van bo tot onder: en niks. Blind loop hy die vertrek uit, kom weer dringend terug: is daar 'n beweging êrens, vorm die hout-en-lig uiteindelik 'n skrif — Maar nee, die beweging kom nie van sy blokkieskonstruksie nie, dis by die gordyne dat iets roer. Weer die ellendige klein aap wat altyd inloer!

„Gaan weg!” roep hy, maak dreigende gebare. Nog 'n oomblik verset die oë daarbuite hulle, trek klein en weer wyd, en gaan dan weg soos hy gevra het. Weer en weer kyk hy na sy konstruksie. Totdat hy heeltemal oortuig is: nee, daar is hoegenaamd niks, ook vandag nie.

Miskien moet hy nog blokkies gaan koop. Miskien, as hy nòg hoër kan bou, nog fynere na bo, die lyne stuwend —

Eers het hy net smiddae na werk gebou, as hy kans gehad het. Naweke het hy gaan blokkies bykoop. Soos dit gaan, selfs in 'n stad, het almal naderhand geweet daarvan. Daardie eerste winkelier het immers al vertel, en daar was die kinders in woonstelle om syne, veral die een seuntjie. Hier en daar het iemand hom begin volg, verwonderd self gesien hoe hy nog blokkies koop: in 'n plastieksakkie, in 'n stewige houtwaentjie verpak, in 'n kartondoos. Hy het na 'n skrynwerker gegaan en laat blokkies máák ook, naderhand. Waar het die plek vandaan gekom om alles te herberg? Een kamer was glo al heeltemal vol. Dit het hom partymaal 'n hele week se middae geneem om één konstruksie te voltooi. En dan, as dit oplaas klaar is, pak hy dit versigtig weer af, blokkie vir blokkie, soort by soort.

Toe het hy saans ook begin bou. En snags. Lang nagte, terwyl die neonligte buite rooi en wit flikker, en sterre ook — maar verder, dowwer — het die lig in sy woonstel nooit opgehou met brand nie. Nagte deur, ja, en hoekom? Dit wou almal naderhand tog weet.

Totdat 'n mens moes begin agterkom: maar dit weet hy self nie! En juis dááror, seker, moes hy maar aanhou, aanhou?

Hy het vreemdelinge laat kom gedurende die lang somermiddae, en selfs in die neonnagte. Was dit besweerders, mense met mistieke magte soos daar wel nog op die aarde gevind word, wat kon uitlê, verklaar? Wat in blokkiepatrone 'n uitleg kon vind, wat die hoë konstellاسies in 'n woonstelkamer kon ontsyfer? Selfs die nuuskierige seuntjie wat altyd geloer het, kon nie sê nie. Per slot van rekening was hy heel jonk en sou nie weet hoe om woorde en handeling agter die koel gordyne te vertolk nie. („Gaan speel. Later, om hemelsnaam: láter! Ek is besig! Later! Ek weet nie, gaan speel!”)

En hy het boeke begin aandra uit versteekte boekwinkeltjies en biblioteke en daarin geblaai, gefrons, spreuke (miskien) geprewel. In watter duister ou uitgawe, tussen watter geelbruin blaaie kon die raaisel skuil —

„Gaan weg, gaan weg!” sê hy ongeduldig vir die oë by die gordyne, en draai vermoed terug na die konstruksie waaraan hy nou al byna drie weke bou. Dis 'n suil wat omhoog swewe: die patroon word nie soseer deur die blokkies gevorm nie as deur die openinge tussenin waardeur die lig kom. Lig op lig in vierkante en driehoeke, fyner en al kleiner na bo totdat dit speldepuntprykkies word, klein-klein skerfies waardeur sy vrae splinter. Nog één torinkie heel bo — nee, twee, só neergesit dat die lig ook tussen hulle deur val, 'n bietjie minder delikaat, 'n helder pleitende kol. So . . . so . . .

„Oom?”

Verstom kyk hy om, sien dat die klein aap hom deur die opening in een van die vensters gewring het. „Gaan weg!”

Maar die kind bly staan, heeltemal betower. Hy buk om beter te kan sien, hou sy hande bak om sy oë en kyk niks mis nie. „Daai twee boonstes is nie reg nie,” sê hy oplaas. „Kyk hoe bewe hulle, netnou val die lot om. Hulle is te swaar daarbo, Oom.”

Hy huiwer. En toe is dit te laat: die kind het klaar sy hand uitgesteek en een van die torinkies vasgevat, dit té ru probeer aflag. Skielik tuimel alles: tuimel tuimel verskriklik tuimel verby die vrae tuimel dreun bons rol raas die kamer vol en uit by die deur na die gang en die kamer langsaan.

Blokkies tot verby sy enkels. Hy skreeu, skreeu sonder woorde, val neer, gryp die blokkies en voel dit kantig deur sy klere steek, roei deur die blokkies, druk sy gesig daarin en huil blokkies met spits en ronde kante.

Toe hy bedaar, is die kind weg. Hy kyk na die blokkies soos hulle lê, kyk lank en sien nuwe patrone deur die val van die blokkies veroorsaak, en nuwe kolle lig, en tel stadig 'n torinkie op en laat dit tussen sy vingers deur glip, terug grond toe.

Teen die oggend staan hy op en loop houterig na sy balkon, kyk hoe die lug verkleur: lig op lig deur 'n paar blokkiewolke. Dalk wás dit 'n teken: daardie neerstort van drie weke se werk. Dalk is dit só: dat die antwoord nie lê in wat hy bou nie, maar in die resultaat van die vernietiging van daardie bousel? Per slot van rekening het geen toring, selfs nie daárdie pril konstruksie met 'n spits wat tot aan die hemel moes reik, al ooit 'n antwoord uitgespel nie.

Waar dit dan ook begin het maak eindelijk min saak. Die feit bly dat 'n mens al meer die fluistering gehoor het: hy moet mal wees, daardie man van veertig met sy blokkies. Daar was so 'n fanatiese blik in sy oë. Hy het verlot geneem by sy werk en die ganse dag, elke dag, gebou en gebou.

En dan, nes hy iets klaar het, nes hy elkeen van daardie duisende — dit moes sekerlik al duisende gewees het? — blokkies gebruik het om 'n ingewikkelde ding te bou, dan stamp hy dit om. Opsetlik. En dan kruip hy op die grond rond met honger oë asof hy iets soek: maar versigtig, sonder om aan die blokkies te stamp. Dat hulle net so kan bly lê soos hulle geval het.

Weer het hy mense laat kom met vreemde donker oë, en sommige met geleerde wenkbroue, en andere met tasse waarop titels vermeld word. Nooit het hy meer 'n meisie gaan haal na 'n musiekkonsert nie. Hulle sê hy het oud geraak, heeltemal geboë van al die sit in 'n woonstelkamer sonder oefening, met oë wat niks meer kon sien behalwe die blokkies, en hoe hulle getuimel het nie. Net soms het hy glo nog by 'n kerk vasgesteek en gekyk — waarna sal 'n mens nie weet nie. Die klok wat stil hang, swaar en blink? Die toring?

En die lawaai. 'n Mens kan dit jou goed voorstel: daardie duisende blokkies wat val en val en stort en rol. Daar het gerugte gekom dat hy gevra is om sy woonstel te ontruim, vanweë die geraas. Maar sou dit daarom wees? Dit het hom immers lank geneem, dae en selfs weke, om 'n enkele konstruksie klaar te maak vóór hy dit omgestamp het? En dan kon die geraas tog nie veel meer as 'n paar minute op 'n slag geduur het nie?

Dit kan ook nie dáárom wees nie — hoe kan dit — dat hy blykbaar sy werk bedank of verloor het? Al wat 'n mens seker weet, is dat hy nie na sy vakansie terug is kantoor toe nie, en dat 'n jong paartjie op 'n dag aan die woonstel geklop het, vergesel van die opsigter, en toe sommer al 'n boekrak en 'n tas met klere daar gelos het.

Nog eenmaal het iemand hom gesien blokkies koop, 'n nuwe soort met riffelrandjies, en nogal deursigtig. Daarna is hy terug, dit was 'n paar dae voor die einde van die maand, en elke nag het sy woonstellig saam met die neons oor die stad geroep.

Weer niks. Of sal hy nog één keer sorgvuldig, blokkie vir blokkie, kyk en seker maak of die patroon nie hierdie keer iets vertel . . . Hy draai terug om voor te begin, in die verste hoek waar die blokkies die digste geval het. Die kind sit 'n heel eenvoudige toring en bou.

„Wat maak jy hier!”

„Dis al oggend,” sê die seuntjie. „My ma slaap nog, maar dis al oggend. Het Oom die hele nag gespeel?”

Magtelos draai hy weg. In dáárdie hoek is die patroon nou klaar versteur! Waarom moet hierdie klein aap hom gedurig versondig! Maar sy woede syfer weg: hoe moeg is hy, en alles grys nie bruin en stukke lig nie, alles verlate net hope blokkies wat onveranderd deur die nag gekom het en woordeloos die dag inwag dag nag dag nag —

„Hoekom?” vra hy uiteindelik hardop. „Hoekom?”

Asof hy geskreeu het, laat dit die seuntjie skrik. „Later sal jy weet,” sê hy outomaties, in sy ma se stem.

“Verstom kyk die man na hom. „Later?”

„Eendag.”

Die man kyk na die onbegryplike, onontwarbare patroon wat die blokkies oor die vloer vorm, en terug na die kind. Hy wil iets sê: skerp, bestraffend. Of vraend. Maar die kind, verdiep in sy spel, kyk nie op na hom nie. Selfs toe 'n klok êrens begin slaan kyk die seuntjie nie op nie, hoor skaars.

Dis die man wat 'n pad na die venster oopskop, 'n handvol blokkies optel en dit weer soos blomblare laat val. Toe begin hy die klok se slae tel.

'N MOOI DRONKENSAP: KENNISMAKING MET MALLARMÉ (I)

Drie van Mallarmé se bekendste en mooiste gedigte is heidronkgedigte, t.w. **Toast funèbre** (gerig aan Théophile Gautier), **Au seul souci de voyager** en **Salut**, albei (soos tewens reeds **Toast funèbre**) eintlik 'n heidronk op die digter en die digtersamp. Die twee lg. gedigte het verder dít in gemeen dat in albei die digterlike werksaamheid as 'n seereis verbeeld word. Dit is dan in **Salut** dat Mallarmé die poësie (ook die skep van poësie, die leef met en die geniet van die poësie) so onvergeetlik beskryf as „'n mooi dronkenskap”. In die oorspronklike Frans is hierdie uitdrukking nog sterker, want in plaas van die verwagte woordorde („une belle ivresse”) vind 'n mens die ogewone: „une ivresse belle”.

Iets van die mooi dronkenskap wat juis Mallarmé se poësie is, wat juis die lees van sy poësie is (want wie het verrukliker gedigte geskryf as hy?), wil ek probeer oordra deur 'n kort bekendstelling met sy poësie — 'n bekendstelling wat dan hoofsaaklik gerig is aan die student (of leser) wat nie Frans as universiteitsvak bestudeer nie. En dan is dit miskien paslik om juis te begin met **Salut** wat, hoewel dit 'n heelwat latere gedig is, deur Mallarmé as 'n soort **crédo**-gedig heel aan die begin van sy **Poésies** geplaas is. Mallarmé het hierdie gedig voorgelees toe hy in Januarie 1893 die heidronk moes instel by 'n banket van jong skrywers verbonde aan 'n literêre blad met die naam **La Plume**.

Salut

Rien, cette écume, vierge vers
 À ne désigner que la coupe;
 Telle loin se noie une troupe
 De sirènes mainte à l'envers

Nous naviguons, ô mes divers
 Amis, moi déjà sur la poupe
 Vous l'avant fastueux qui coupe

Le flot de foudres et d'hivers;

Une ivresse belle m'engage
 Sans craindre même son tangage

De porter debout ce salut

Solitude, récif, étoile
 À n'importe ce qui valut
 Le blanc souci de notre toile.

Heidronk

Niks, hierdie skuim, maagdelike vers
 Wat slegs die glas aandui;
 So verdrink verweg 'n klomp
 Meerminne, menigeen onderstebo

Ons seil, o my verskeie
 Vriende, ek reeds op die agterstewe
 Julle die voorstewe vol prag en
 swier wat sny
 Deur die golf van bliksems en
 winters;

'n Mooi dronkenskap spoor my aan
 Om sonder vrees selfs vir sy
 gestamp
 Hierdie heidronk regop te dra

Eensaamheid, rif, ster
 Op wat ook al werd was
 Die wit kommer van ons seil.

Die uiters gekonsentreerde, gekondenseerde, soms selfs kriptiese styl is opvallend. Maar soos met so baie van Mallarmé se latere „duister” gedigte, gryp die gedig 'n mens reeds met die eerste lees aan. Selfs al begryp jy nie dadelik alles nie. Die **vers** waarna in die eerste reël verwys word, is natuurlik in die eerste plek die gediggie wat hy as heidronk voorlees, en dié

sê hy, is niks, nietig en vlugtig soos die skuim op die sjampanje in die glas wat hy vashou, en dien slegs as heildronk (dit dui slegs die glas, die heildronk aan). In die tweede plek verwys Mallarmé egter hier na sy poësie in die algemeen — na die gedig soos hy dit sien en beoefen. Uit suiwer realiteitsoogpunt, uit suiwer utiliteitsoogpunt is sy poësie vir hom niks, nietig, van net so min belang, net so irrelevant soos sjampanjeskuim of soos meerminne wat **verweg** (in die land van sprokie en verbeelding) in die see baljaar en verdrink. (By implikasie word hier ook gewys op die groot rol van die **verbeelding** in die poësie — die spel van die verbeelding, van die digterlike „fantasie”). Uit dieselfde oogpunt sien Mallarmé dan ook sy poësie as „maagdelik”, d.i. suiwer, ongeskonde, onbevlek (deur die realiteit, die utiliteit, ens. — vgl. verder hieronder). Hierdie nie-utilitêre karakter van sy poësie beklemtoon die digter in talle gedigte, onder meer in die bekende **Éventail**, waarin die taal van die „toekomstige vers” in terme van die waaierbeeld van die gedig beskryf word as **rien qu’un battement aux cieux** = niks dan ’n geslaan (vlerkgeslaan) in die hemele nie. In die ander seereis-gedig hierbo genoem, naamlik **Au seul souci de voyager**, word die vaart (simbool van die digterlike strewe) beskryf as „nutteloos” (**un inutile gisement**).¹)

Nou was Mallarmé nie ’n beoefenaar van ’n konsekwente **poësie pure** nie. Sy grootste en mooiste gedigte het immers onteenseglik ’n gedagte- of ideekern. In die bekende **crédo**-gedig **Toute l’âme résumée** sien hy sy poësie as die samevatting van die hele siel: „Die hele siel opgesom”. En in ’n ander beroemde gedig **Autre Éventail** lees ons dat die waaiër (hier simbool van die gedig) „die horison delikaat terugstoot”: die poësie open dus nuwe vergesigte, nuwe perspektiewe.

As Mallarmé dus in **Salut** en in ander gedigte sy poësie sien as suiwer (maagdelik), nietig en nutteloos, dan is dit nie omdat hy dit as absolute **poësie pure** beskou nie. Nee, dit is eerder om oorwegings soos die volgende: Eerstens kan daarop gewys word dat die vergesigte wat Mallarmé se poësie bied, **beperk** is in dié opsig dat sy meeste gedigte gaan oor die poësie en oor die problematiek van die digter (as woordkunstenaar en as mens). Tweedens het Mallarmé baie waarde geheg aan die **gedig as kuns-greep (the poem as artifice)**. Hy was ’n **kunsbewuste, stylbewuste** digter vir wie die skoonheid en prag van beeld, woord en klank as sodanig net so primêr was as die gedagte-inhoud van die gedig. (In **L’Azur** kla die digter dat sy leë brein nie meer die kuns verstaan om „die snikkende idee **uit te dos** nie”). Vandaar dat sy poësie dus so opvallend **maniëristies** is (nie in die negatiewe sin van die woord nie) met ’n bewuste aanwending van die verrassende, vergesogte beeld of siening.²) Dit is dan in die tematologiese beperktheid en in die opvallende skoonheid en kunstigheid dat die nie-utilitêre karakter van Mallarmé se poësie geleë is. As derde oorweging haal ek hier ’n uitspraak aan van Bray (328, 331) waarin hy onder meer aansluit by die hierbo vermelde suiwerheid van die gedig:

Mallarmé bewonder dít wat nutteloos en sonder doel is.

Sy kuns staan in teenstelling tot die werklikheid, ten minste tot dit wat ons gewoonlik die werklikheid noem.

Hy gaan uit van ’n wil tot suiwerheid (**purisme**):

Hy wil die gewone vulgariteit uit die kuns verwyder, dié van die teater (helaas!) en die roman, dié van die koerant, dié

van die spreektaal. Van die poëtiese uitdrukking moet iets unieks gemaak word, 'n skepping wat, **al is dit van geen waarde vir die lewe nie**, wel vir die poësie waarde het.

Bray wys verder op Mallarmé se opvattinge oor die poësie as spel, sy liefde vir ornament, ens. Trouens, die hele hoofstuk van Bray oor Mallarmé gee 'n mooi beeld van die nie-utilitêre karakter, die **poësie pure**-karakter van sy poësie. Die genoemde spel-element in Mallarmé se poësie word juis in **Salut** mooi geïllustreer. Dit word naamlik algemeen aangeneem dat die **vers** van reël een 'n woordspeling is met die homonieme **vers** (vers) en **verre** (glas). Ook die **coupe** van reël twee word gewoonlik gesien as 'n woordspeling rondom twee verskillende betekenisse van hierdie woord, naamlik **coupe** as **glas** (hier die letterlike betekenis) en **coupe** as prosodiese term, naamlik **coupe d'un vers** = sesuur in 'n versreël.

Dit was interessant om te sien hoedat in die eerste strofe die woordjie **skuim** assosiatief (skuim — seeskuim) die siening van die meerminne opgeroep het. Daar was ook ander assosiasies werksaam in hierdie strofe: skuim assosieer met reinheid, maagdelikheid; maagdelikheid assosieer met meerminne. In elk geval, hierdie see-beelde van die eerste strofe word nou voortgesit in die res van die gedig, waarin die digterlike werksaamheid met 'n seereis vergelyk word. Nietig dus, niks is sy poësie uit utiliteitsoogpunt, maar andersins, andersins só belangrik dat nóg bliksems en winters nóg eensaamheid, rif en kommer daarvoor ontsien word. Hy is reeds op die agterstewe (sy loopbaan as digter is byna verby), maar hulle, die jong skrywers, die **avant-garde**, pragliwend (liefhebbers van die pronk en swier van die poësie) — hulle is op die voorstewe, op die voerpunt, en op hulle wag die bliksems en die winters, d.i. die ontberinge (terugslae, sorg, ens.) wat daar wag op die ware digter **as digter** (as skepper), desnoods ook as mens, en waaroor Mallarmé in so baie van sy gedigte geskryf het. Hoe pragtig is die beelding hier nie: die voorstewe sny deur **die golf van bliksems en winters**. (Die **fastueux** — vol pronk en prag — kan natuurlik op letterlike vlak ook 'n verwysing wees na die **pompe**, die luister van die banket).

Effens skertsend vervolg die digter nou dat „'n mooi dronkenskap” (hy het natuurlik reeds 'n bietjie gedrink) hom aanspoor om die heildronk regop te dra (omdat dit 'n heildronk **aan die poësie** is) sonder vrees vir die gestamp (die **tangage**). Mallarmé het hierdie lg. woord met minstens drie betekenislae gelaai. Uit die woordeboek stel ons gou vas dat **tangage** dui op die gestamp van 'n skip op see (nl. wanneer die voorstewe weens hoë golwe diep in die water wegsak). As sodanig word hiermee dus by die ander see-beelde in die gedig aangesluit, en moet ons die **tangage** in figuurlike sin sien as 'n verdere verwysing na die ontberinge van die digter (soos reeds in die agste reël geformuleer). Derdens verwys Mallarmé met hierdie woord eenvoudig na sy eie „dronkenskap”, na die draaiende, wiegende sensasie soos ervaar deur iemand wat gedrink het. (Vgl. die uitdrukking **attraper un coup de tangage** = soos 'n dronk man slinger). Op die figuurlike betekenis van „'n mooi dronkenskap” (afgesien daarvan dat dit op letterlike vlak ook nog kan verwys na die vreugde wat die triomfantelike aand vir die digter meebring), is hierbo gewys: dis **'n dronkenskap van die poësie** („l'ivresse de la création poétique” — Sareil, 140). Ons gaan nie verder hierop in nie, behalwe deur in hierdie verband te wys op enkele reëls uit 'n bekende prosagedig van Baudelaire (waarmee Mallarmé seker-

lik vertrouwd was): „'n Mens moet altyd dronk wees. Maar waarvan? Van wyn, van poësie, of van deug, op jou manier. Maar word dronk”. (Uit **Enivrez-vous**).

Die effens gedronge, elliptiese sinsbou in die laaste deel van die gedig (veral weens die ongewone — maar treffende! — plasing en isolering van „Eensaamheid, rif, ster”) word met 'n bietjie rekonstruksie duideliker: 'n mooi dronkenskap spoor my aan om hierdie heildronk regop te dra — hierdie heildronk op eensaamheid, rif, ster, en op dit maak nie saak wat ook al die opoffering van die wit kommer van ons seil werd was nie (die moeite werd gemaak het nie). In Engels sou dit min of meer soos volg geformuleer kon word: „. . . this toast to solitude, reef, star, and to whatever merited (was worth the effort of our sail's white concern”.³)

Die „wit kommer van ons seil” (seil = die wit seil van die skip) is op figuurlike vlak 'n aangrypende formulering van die kommer, sorg en moeite wat die skep en skryf van poësie vir Mallarmé ing'hou het (en inderdaad ook vir baie digters inhou). Hierdie slotreël is eintlik 'n mooi illustrasie van Mallarmé se karakteristieke spitsvondigheid. Let op die paradoks in **wit kommer**. Die **wit** (hier letterlik 'n verwysing na die wit van die seil) dui figuurlik op die suiwerheid (edelheid, verhewenheid) van die kommer — 'n kommer oor die poësie. Die gebruik van die paradoks (en verwante verrassingstegnieke) in Mallarmé se poësie laat 'n mens dink aan die digter se eie uitspraak oor „woorde wat gemobiliseer word deur **die skok van hulle ongelukheid**”. (Aangehaal deur Hartley, 171).

Die slotreël hou verder 'n bedekte verwysing in na die kommer van die **wit (leë) papier** — na digterlike onmag dus (onmag om te skep), poëtiese steriliteit waarmee Mallarmé so dikwels te kampe gehad het en wat in so baie gedigte uitgespreek word; vergelyk **Las de l'amer repos** en **Brise Marine**. In lg. gedig verwys die digter na „die verlate lig van my lamp/ Op die leë papier wat deur sy witheid verdedig word”. In e.g. gedig praat die digter van „my lamp wat egter my doodstryd ken”.

Die heildronk word dan onder meer ingestel op „eensaamheid, rif, ster”. Weer eens is hierdie 'n treffende samevatting van die verskrikking en die veeleisendheid van die digtersamp (soos deur Mallarmé gesien en beleef). Die **rif** simboliseer gevaar, ondergang, skipbreuk (in figuurlike sin — vgl. **A la nue accablante tu**). Die ster is vir die navigator 'n gids. Op dieper vlak simboliseer **ster** dan hier die hoë ideale en waardes wat vir die digter as gids dien, en is dus onder meer „the alluring distant star of aspiration toward perfection” (Cohn, 35). In **Au seul souci de voyager** kry ons 'n verwante — en ewe aangrypende — siening van die verskrikking van die digterlike amp: „Nag, wanhoop en juwele” (waarin **juwele** natuurlik na die poësie self verwys).

Die veeleisendheid, die kommer, die wanhoop van poësie skryf — dit alles is meegebring omdat Mallarmé gedrewe was deur 'n hoë ideaal van poëtiese suiwerheid en volmaaktheid. (Vgl. in hierdie verband die gedig **L'Azur** wat later bespreek word). Dit is 'n ideaal wat hom weggevoer het van mindere poësie, dié soort wat jy „ingedagte” skryf en waarna hy soms in vlae van wanhoop verlang (**Las de l'amer repos**). Dis 'n veeleisende ontdekkingstog, soos dié beskryf in **Au seul souci de voyager**: Besiel met 'n hoë kunsideaal, met 'n **poétique tres nouvelle** (sy poësie is „'n voël

van 'n nuwe aankondiging”), strewende hy „verby 'n pragtige en troebele Indië” (verby die verleiding van 'n oppervlakkige skoonheid). Sy digterlike ontberinge („nag, wanhoop en juwele”) word „weerkaats” in (vind 'n weerklank, 'n parallel in) die ontberinge van die ontdekkingsreisiger Vasco da Gama — in „die glimlag van die bleek Vasco”. Hy is bleek (weens sý nag en wanhoop — die gevare en storms op see), maar hy glimlag terselfdertyd — oor die vreugde van ontdekking (die bereiking van Indië). Só word hy prototipe en beeld van die digter. Want ook die digter (en dan die digter Mallarmé in die besonder) ken die nag en wanhoop van poësie skryf (van die skeppingsproses). Daarnaas ken hy egter ook die vreugde van ontdekking, ken hy ook die mooi dronkenskap van die poësie.

1) Ook die skuim-beeld van **Salut** vind 'n parallel in **Au seul souci de voyager**. Dele van lg. gedig is kontroversieel; ons kan egter die voël ook sien as simbool van die gedig. (Kyk elders in hierdie opstel). Die gedurfde metaforiese siening van die voël wat „steeds lustig-spelend geskuim het” (**écumait toujours en ébats**) is dus ook 'n verwysing na Mallarmé se eie soort poësie. Die **écumait** het dieselfde konnotasies (vlugtigheid, nietigheid, prag) as **cette écume** van **Salut**; die **en ébats** dui op die spel-element in Mallarmé se poësie. In dieselfde trant sien hy sy poësie in **Surgi de la croupe** as **une verrerie éphémère** („'n kortstondige glaswerk”). Mallarmé self wys op die „nutteloosheid” van sy poësie in die volgende uitspraak: „In den Augen anderer ist mein Werk, was die Wolken in der Dämmerung sind und die Sterne: nutzlos” (Aangehaal deur Friedrich, 86).

2) Die woord **vergesog** word hier nie in 'n negatiewe sin gebruik nie: “**Far-fetched** in this sense is not a derogatory term but merely descriptive. It means that the elements in the comparison are highly unusual and unexpected.” (M. Heese en R. Lawton: **The Owl Critic: An Introduction to Literary Criticism**, 1968, bl. 65).

3) Met hierdie rekonstruksie het ek 'n neutrale middeweg probeer volg. Inderwaarheid is die sinsbou hier meer problematies as wat dit op die oog af voorkom of as wat sommige kritici wil erken. Reël 13 word dikwels gesien as verwysende na die voorafgaande reël, en ons kry dan 'n vertaling soos die volgende: „. . . to whatsoever — loneliness, reef, or star — was worth our sail's white concern”. (Hartley, 7). Mauron (69) se rekonstruksie van dié gedeelte kom op dieselfde neer. Hy verklaar dat die sintaktiese konstruksie hier besonder dig is, „mais sans offrir de difficulté sérieuse”. Hy rekonstrueer dan soos volg: „Om hierdie heildronk regop te dra op wat werd was — eensaamheid, rif, ster, dit maak nie saak wat nie! — die wit kommer van ons seil”. Die problematiese in vertalings en rekonstruksies soos hierdie is eenvoudig die volgende: Hoe kan negatiewe, onaangename dinge (eensaamheid, rif) ander negatiewe, onaangename dinge (kommer) die moeite werd maak? Gewoonlik is dit immers positiewe dinge wat negatiewe, onaangename dinge die moeite werd maak; vergelyk 'n hipotetiese sin soos die volgende: die vryheid wat hulle uiteindelik verkry het (iets positiefs), het die ontberinge van die Trekkers (die negatiewe, onaangename) die moeite werd gemaak. Ek kan dus nie sien hoedat reël 13 na die **hele** reël 12 kan verwys nie; hoogstens kan dit verwys na **ster**, wat as simbool van hoë ideale iets positiefs is.

LITERATUUR

Bray, R.: **La Préciosité et les Précieux**, Librairie Nizet, Parys, 1945.

Cohn, R.G.: **Toward the Poems of Mallarmé**, University of California Press, 1965.

Friedrich, H.: **Die Struktur der modern Lyrik**, Rowohlt, Hamburg, 1956.

Hartley, A.: **Mallarmé**, Penguin Books, 1970.

Mauron, C.: **Mallarmé l'obscur**, José Corti, Parys, 1968.

Sareil, J.: **Explication de Texte**, Prentice-Hall, 1967.

ABSURDE NAG

Die mallemeule draai.

Perdjies tol stywebeen, stywestert om en om.

Stoeltjies aan kettings swaai hoog bo-oor alles.

Vrouegille waai plesierig saam met die Augustuswind wat stofwolkies tussen talmende voete opkarring.

'n Blas gesig agter 'n stalletjie-toonbank knipper sy oë teen die sandkorrels wat 'n draai deur die tent kom warrel.

Opeens breek 'n stoeltjie van 'n ketting af los en swenk skeef-skeef bo-oor die slenterende mense. 'n Gil lem die ontspanne, mistroostige atmosfeer uitmekaar en spanning spring in die oë van die agteroorgeboë koppe wat saam met die wenteling van die sitplek draai.

„Toemaar . . . dit is sommer 'n leë sitplek,” troos 'n hoë stem deur die skielike stilte.

„Gelukkig, ja.”

„Sê nou maar . . .”

„Ja, wat kón gebeur . . . tj . . . tj . . .”

Die lang kettings swaai laer en kom geleidelik tot rus terwyl die motor waarom die spil draai, op 'n laer toonhoogte dreun.

'n Vaal oliekop ondersoek die breekplek.

'n Tiendermeisie vertel skril van haar skrik toe die sitplek nét voor haar van sy kettingswaai wegbreek.

Eenkant, ver van die mierende middelpunt, lê die stukkende sitplek komieklik, aksieloos, koponderstebo op sy sy tussen die droë wintergras.

Maar die sitplek is nie leeg nie.

Jý lê in die raamwerk — skeef, net soos hy geval en bly steek het. Vir 'n wyle word daar deur die menigte om die middelpunt na jou gesoek, rondgekyk, verneem en eindelijk word skouers opgetrek en die perdjies en swaaië tol om en om. Sonder jou.

Sonder jou.

Die jolyt word weer oopgetrek en stampende musiek filtreer deur die massa tot waar dit in 'n yl straaltjie ritmies in die wind verkrummel en wegwaai.

Dit word laat.

Deur swart takke gooi 'n gloed uit die weste 'n wasigheid oor die mallemeule. Deur die skelette van bome en strukture bloei die weste leeg. Liggies spring in gekleurde sirkels om die groot wiel, die perdjies, die swaaië.

Maar dit is donker by die sitplek waarin jy slap vasgevang lê.

'n Kriek skuur skielik sy loklied naby jou oor uit.

En die skuurgeluid word wieletjies aan 'n trollie wat 'n lang, dofverligte gang afstorm. Deur venstervlakke flits die gloed uit die Augustusweste en neonligte aan en af: venster — stukkie muur — venster — stukkie muur.

„Sy is nog deurmekaar.” Woorde sypel deur die donker wat swaar op jou oë neerdruk.

En lank, lank is die stilte swart.

Die absurde nag word opgesnipper in die harde gesnork wat deur Intensiewe Sorg saag.

„Suster wat soek die man hier?”

„Hier geld seks nie.”

„Meneer . . . asseblief, meneer, die gesnork maak seer . . . Dit pyn . . . pyn . . . asseblief, meneer.”

„Net gou jou bloeddruk kyk, vroujie . . .”

Jy praat sonder woorde.

Die gesnork kring uit in 'n mallemeule wat dreun en swaai deur kringe lig wat mekaar oorvleuel en dan uitmekaar ster en 'n gitswart kosmos in-vonk.

En die kriek skuur en skuur in die gras.

„Daar . . . draai haar op die ander sy vir 'n spuit.”

„Meneer, asseblief . . . die gesnork maak seer . . . en . . . méneer, ék kan nie méér nie!”

Die kriek skuur harder deur die ritmiese gesaag.

'n Mansbaadjie en 'n das kom 'n oomblik lank in fokus. Jy gryp aan 'n baadjielapel en hou. Maar die hand gly vanself oop en val op 'n paar ander hande. Gryp hulle vas. Die hande voel vreemd en tog bekend. Jou oë sukkel oop en kyk op in die gesig wat aan die hande en baadjie behoort.

Dit is die dokter.

Vir 'n oomblik skyn die son.

„Ag, ek dag dis my ou man,” lag jy en val terug in die stilte en donkerte om die gebreekte sitplek.

Die mallemeule wentel en maal weer asof jy nooit daar was nie.

Jy spring op en hardloop huis toe op houtpale wat niks voel en deur die stil strate kap-kap.

Die voordeur is oop.

Jy draai die knop en stap kap-kap na binne.

Die meubels staan vreemd-stug asof die glans wat jare van versorging op hulle gelaat het, niks met hierdie koue hande te doen het nie.

In die eetkamer sit 'n man en kinders om die tafel en eet.

Hulle gesels met mekaar.

Hulle sien jou nie.

Een stoel — nee, dit is dan 'n mallemeule-sitplek — staan leeg.

Jy praat met die mense om die tafel.

Hulle hoor nie.

Kyk nie in jou rigting nie.

Jy sug.

Geen reaksie van die groep om die tafel nie.

Jy skree.

Niks gebeur nie.

Asof jy glad nie daar is nie.

Nêrens is nie.

Nooit was nie.

Alles gaan voort soos altyd.

Sonder jou.

En oor die buffet lê daar 'n fyn lagie stof.

Dan staan almal van die tafel af op. Jy volg hulle, raak aan hulle, maar hierdie koue hande gly af. Hulle klim in 'n motor en ry.

„Die verkeer . . . ry versigtig!” roep jy magteloos.

Staan die motor en agterna kyk. Hy het geen nommerplate aan nie.

En in die agterste venster staan in swart letters teen die ruit: RELAX —
KOM VEILIG TUIS.

Jy draai om en stap terug na die huis, na die stilte.

Die tuin is droog.

Jy draai 'n kraan oop maar daar kom geen water uit nie. Net die geskuur van 'n kriek kom daaruit en skuur al harder totdat jy hardloop en by 'n tafel gaan sit.

Jy neem 'n pen op en skrywe saag-saag vir die huis se mense. Sover jy skryf, raak die skrif agter aan die pen los en koek deurmekaar nes 'n bondel los garingdraad. Jy probeer met die ander hand die woorde teen die papier vasdruk, maar hulle raak los en klewe draderig aan die vingers vas.

Die papier word swart. Toon geen skrif. 'n Wit uniform verskyn teen die swart reghoek.

„Ek maak die deur toe dat jy kan slaap.”

„Nie toe nie — asseblief! Ek sál slaap — moet my net nie alleen hier toemaak nie!”

Die swaaideur pendule heen en weer, stadiger en stadiger en bly dan toe. Dofweg stamp die ritme van die mallemeule musiek uit anderkant die toe deur. Stamp dit aan skerwe.

En jy verlang meteens na die ligte, na die stywe perdjies, na die groot wiel, na die kettingkarretjies. Aan die gebreekte ketting swaai 'n nuwe sitplek wat net so lyk soos die een waarin jy vasgevang lê. Al word hierdie een nou in die lang gras gevind, het hy geen doel meer nie. Daar word nie eers meer na hom gesoek nie.

Die gedreun gaan oor in die sonore geronk van 'n ou vliegtuig uit 'n vorige Oorlog.

Toe skuur die kriek weer.

En tog?

Die geluid irriteer nie soos die kriekgeskuur nie.

Dit is ook nié 'n kraan wat lek nie!

Nee, dit is voëltjies.

Opregte lentemossies wat vier-vyfuur soggens begin tjep tjek tjep tjek . . .

En nie een van hulle sal val sonder My wil nie . . .

„Haar oë is helder.”

„Sal sy . . .?”

„Tyd — dit neem tyd.”

Ek het nog TYD, dink jy.

Hulle lag.

Hulle kan jou nou hóór dink!

En die mallemeule is nou die gedreun waarmee 'n stad, daar ver onder die venster, vroeg aan die opstaan is.

Jy word wakker agter die hoë venster.

Die son straal deur die wit kamer.

En die kriek is stil.

EVELEEN CASTELYN

HARMONIE IN MEARSSTRAAT

Hulle loop
gekierie gehoed geswartrok-kerkpak
gebril gekunstand bysiende
versigtig saam op die sypaadjie
langs die besige straat
en gaan rus op die stoepie
voor die stellasië rykamers
om te herinner
hoe hulle bome was by die water
en hulle het die aarde bewoon,
vandag se kinders
kleinkinders agterkleinkinders
leef in wêreld
in die huise en tuine
wat hulle ge-erf het,
jaag somer verby
die oudag-sit-op-die-stoepie
outydse skildery
getitel harmonie in mearsstraat
geraam in konstruksies torings
vernis met 'n dowwe antieke glans —
die skilder se naam is onleesbaar,
die modelle lankal oorlede.

STRAATBLOMME

Ek het weer narsings geruik
in soet vleie water,
daar het koringblom-sterre
en klokkies sneeu
uit die lug gekom,
jy stuur 'n ruiker rooi angeliere
ek kan nog goed onthou:
sewejaartjies groei in die veld,
krisante en asters
het altyd sonne geblom
voor die deur

in die blikke
van 'n indiërvrou
se blommestalletjie
langs rissikstraat.

BREYTENBACH-TEATER

Ons het die suburbs gesien
en was ons geskok!
ampie was tog só pateties,
meraai laat jou huil en lag,
die seemeeu ontroer
en tevergeefs gewag op Godot.
pouse:

koffie gedrink
terras-gerok
strik- gedas
gekyk vir mekaar
sonder 'n lag of 'n traan
vir die lewende toneel
in die foyer.

DIENSPUGHTIGE

Kyk Ma:
ek het twee metaalplaatjies
aan 'n kettinkie om my nek
met my naam, my nommer
en my bloedgroep daarop:
as ek sneuwel
ruk hulle dit af,
druk die een in my mond
vir identifikasie
en stuur die andereen,
'n doodstydning vir Ma —
gelukkig is jy tot dusver
nog net lig verwond.

HISTEREKTOMIE

Toe die sering
bruidsluier blom
die meiblom wit
die blomperske pienk,
toe die wit ogies sing
die lemoenduiwe lag
en die kersies rooi bloei

het die ginekoloog
sy hande geskrop
en haar vrugbeginsel
met 'n skalpel losgesny.

GESKEIDES

die heining groei
afskortings bougainvillea cherére
tussen die bure en my
ek hou van die pers cerise gordyn
voor hulle pyn
en wie doen nog huisbesoek by my?

DAGVERHAAL

Vanoggend
het ek opgestaan
gebid en gelees
kombuis toe gegaan
gekook
gekoop.

Vanmiddag
het ek die kinders buite gehoor,
'n loerie roep reën:
die soetdoring word geel
die geel jasmynse soet
grasperke vlei
my huissampan ry
teen die paaltjiesheining vas.

Vanaand
is die nag chagall:
'n sekelmaan,
die bruid en die bruidegom
vlieg deur die lug —
ek raak aan die slaap
op 'n plankmatras
my ruggraat is krom
die dag is om.

PEERS HARTZENBERG

RESTOURASIE

Op Boekenhoutfontein se aandstoep
waar oom Paul sit en peins
is alles opgeknep in eer herstel
met plascon en slasto vir die nageslag bewaar
Tant Gezina skuif voor die swart stoof
met 'n beker vuurwarm kitskoffie vir haar ou man
en oom Paul blaas die laaste dampe
van sy lexingtonstompie die aandlug in.

IZAK VAN DER WESTHUIZEN

BRIEF WEER GESKRYF — BLY ONGEPOS

ek het dié dag
in die katdoringpan
vir jou 'n kode gesein
deur die jare

jou blos in die son
lê dié dag
van toe af
'n lokkie
met 'n strikkie
in my inkpot

maar

my ongeborenes
roep
(na jou)
uit baarmoeders
van wit papier

vreemde kinders
noem my oupa
punt

EEN VOLMAAKTE MOORD

De dood is geen stof die aan je handen kleven blijft. Je kunt rustig je boterham eten, op de wijze van een eerlijk werkmán. Je hoeft niet eens het stof van je handen te kloppen. Je kunt de lege zak op het lijk gooien. Praten met de dode, terwijl je eet en terloops de mening opperen, bij jezelf, dat, die daar ligt, een stille gezel is. Je laat mij maar praten, ben je doof of stom? Tenslotte wordt je woordenvloed onstuitbaar, het komt waarschijnlijk omdat je het zelf zo eigenaardig vindt dat van de wroeging, het berouw, waarover je las in geleerde tractaten, niets merkbaar is. Je zit naast de dode je boterhammen te eten alsof hij een zak aardappelen was die je thuisbrengen moet. Maar eerst een mondje eten. Aangezien je studeerde maak je je bedenkingen over je eigen handelingen. Het is trouwens een gewoonte van je. Zonder een piekeraar te zijn verrichtte je elke daad, zelfs elke beweging, tweemaal. Minstens. Eénmaal fysisch, een tweede keer zuiver mentaal. Waarom deed ik dát zo? Waarom reageerde ik op deze wijze? Waarom bleef elke reactie uit? Want niet reageren is eveneens een vorm van reactie. Je maakte, zodoende, een film van je innerlijke leven, een film die je achteraf kon afrollen telkens als de lust je be kroop jezelf te zien. Wat zoëven gebeurde is slechts een sekvens in de film. Niet belangrijker dan de andere gebeurtenissen. Een gebeurtenis is niet belangrijk omdat er achteraf in de krant zal over gepraat worden. Een gebeurtenis is een akt, een wijziging in een bestaande toestand. Bestaan er belangrijke en minder belangrijke toestanden? Bestaan er dus gebeurtenissen waaraan meer aandacht moet worden geschonken dan aan andere? Is het van belang dat het wezen, dat naast je ligt, enkele ogenblikken geleden nog de meeste menselijk-genoemde handelingen kon verrichten en thans niet meer? Het is zozegged dood. Het is een eigenaardigheid van het menselijke ras daaraan aandacht te besteden. Een fictie. Gewoon een overeenkomst. Wie nuchter redeneert kan het feit dat een voorwerp bewegen kan niet een reden vinden opdat het zich boven andere wezens zou mogen verheffen. Trouwens: een auto beweegt eveneens, een machine. En: er is weinig toe nodig opdat de overeenkomst zou verbroken worden. In eender welke oorlog wordt een machine belangrijker geacht dan de zozegged levende mens. Wij verloren een heel bataljon maar de vesting werd behouden. De dode stenen bleven in onze handen. Het vliegtuig kon behouden de thuishaven bereiken. De boordmachinist schoot er het leven bij in.

Aangezien je over dergelijke dingen nadacht kan je voor het feit naast een dode te zitten geen bijzondere belangstelling opbrengen. Evenmin aan de constata tie dat het jouw mes is dat tussen zijn schouderbladen steekt. Je bent niet eens van plan naar de politie te gaan. Indien zij er belang in stellen wie aanleiding gaf tot deze veradering van toestand, dan kunnen zij het proberen uit te zoeken. Om hen niet te belemmeren bij dit in jouw, maar wellicht niet in hun ogen, onbelangrijke werk, probeer je niet eens de sporen van je aanwezigheid te laten verdwijnen. In een poging om je te verplaatsen in hun toestand over-schouw je de situatie aandachtig. Het lijk is dat van een vrouw. Volgens

de geldende normen een mooie vrouw. Aangezien de knopen van haar bloes los zijn wijst alles dus op een lustmoord. Zo zal de politie redeneren. Temeer daar zelfs, tegenover een dode, hun verlangen naar een andere vrouw dan de eigen vrouw aan de haard nog gewekt zal worden. Het mes in haar rug draagt het opschrift Made in Germany. In de TV zal het mes in close up getoond worden. Jammer genoeg voor hen zijn er nog enkele dergelijke messen in omloop. Belangrijker is het pakje waarin je boterhammen verpakt waren. Draagt de firmanaam van een bakkerij in het dorp. Het spijt je echter wel maar het waren de boterhammen die de vrouw in haar handtas had. Waarschijnlijk was ze van plan hier te picknikken. Roodkapje en de boze Wolf. Je vond het spijtig, niet voor het brood maar voor de smakelijk uitzierende gerookte ham, het lunchpakket onaangeroerd te laten. Spijtig dat ze niets te drinken mee had. Roodkapje dronk wellicht het water van de heldere beek maar zelfs de koeien zouden het niet meer wagen het water uit de gracht te drinken. Je denkt eraan dat je dorst hebt maar doordat je, na jarenlange oefening, over jezelf leerde denken als over een derde, hindert die dorst je niet zozeer. Je constateert haar bij iemand die een heel goede kennis is. Je constateert eveneens verder de omgeving van wat in de kranten: de Misdaad, zal worden genoemd. Op het mes, op de papieren zak, zullen vingerafdrukken van je worden gevonden. Kan men eveneens in de TV tonen. Drager van deze vingerafdrukken wordt gevraagd zich op het dichtsbijzijnde politiebureau aan te melden. En verder? De politie zal zoeken in de handtas van de vrouw naar bewijzen van haar identiteit. Jij deed het niet. Haar tas lag opengevallen op de grond en jij zag de boterhammen, het enige wat je plots interesseerde. Er moet wel een identiteitskaart in te vinden zijn. Jij wenst niet geconfronteerd te worden met een naam die geen enkele associatie biedt. Zelfs de kranten zal je niet inzien. Trouwens, morgen keer je naar huis terug. De grens over. Kranten interesseren zich niet in moorden gepleegd op onderdanen van een andere natie. Een leven heeft slechts belang indien, door het verdwijnen ervan, een belastingsbetaler verdwijnt. Een productief landgenoot. Je vraagt je zelfs af in hoeverre de kranten, hier in dit land, waar je toevallig vertoeft, in de dode vrouw zullen geïnteresseerd zijn. Zij is geen Brigitte Bardot, niet de vrouw van een belangrijk persoon, misschien zelfs een zogezegd lichte vrouw. Iemand waarover primo niemand treuren zal, secundo waarover men zal denken: best dat zulke mensen geen lang leven hebben. Je steekt een sigaret op, weliswaar zijn de sigaretten, die je in het tasje van de vrouw vindt, zware Gauloises, maar je kunt een gegeven paard niet in de bek kijken. Onwillekeurig reik je haar het pakje toe en lacht dan om je vergeetachtigheid. Doden roken niet. Straks zal ze gaan ruiken. Of nee: aan de overzijde van de gracht is een voetpad, daar komen vanavond de boereknechts, op hun fiets, naar huis terug. Naar het dorp waar de bakker woont, genoemd op het zakje. Zij zullen de vrouw vinden. De eerste zal denken: wat een uur om nog te liggen slapen. De tweede zal het mes zien en doen alsof zijn neus bloedt. De derde zal er een kameraad bijroepen, een getuige. In het dorp zal men zeggen: Nog een hoer minder.

Je kunt hier niet eeuwig blijven zitten, het is nog een hele tocht, te voet, tot aan de grens. Je staat recht en klopt het gras van je broek af. Een onbewust gebaar want de broek die je draagt, bij dergelijke wandeltochten,

kan best tegen een stofje. Je springt over de beek, je hiel laat een diepe afdruk in de mulle grond. In het politieverlag zal dit feit vermeld staan en het optellen van alle constataties zal hen doen besluiten dat hier een volmaakte moord werd gepleegd, verricht door een geroutineerd moordenaar. Een killer wellicht. Een beroepsmoordenaar op vakantie. De stad ontvlucht waar hij elke dag een vetbetaalde moord bedreef en hier, in dit afgelegen Franse dorpje, opnieuw geconfronteerd met de dagelijkse sleur. Enfin, het houdt de spieren soepel. Je loopt de beek langs, weg van het dorp, en kijkt niet eens achter je. Je denkt wel even: ik had het mes moeten meenemen maar je bent niet zo iemand die zich ten koste van een anders bezit wil verrijken. Het was haar mes, wat heb je daar trouwens aan. Messen, made in Germany, koop je overal voor een prikje.

PIET

Elke dag bespied ek Piet
Dit is 'n selfopgelegde taak
Ek doen dit pligsgetrou
Soos iemand wat 'n studie van uile maak
Ek speld hom daad vir daad in my dagboek vas
En soms as die blaai asemhaal
Blaas ek paaiend teen die lettergesig
Want hierdie frustrasie, neem kennis
Moet vir die nageslag behoue bly
Publiseer dit: Piet
Troetel slangeiers in sy baadjiesak
Sy hande is geslypte karwatse
En as hy sing, blom steenkool in sy strot
Ek koes as hy sidderend broek losmaak
Onder die sidderende sipresse
Al het hy suspisie is hy nooit seker van my nie
Dus is sy skoene skeepswrakke
En drup sy sambreel bloed
Hy probeer om my nie te hoor nie
Maar dit mag sy gewete wees
(Op sy dae was hy 'n pes)
Maar ek weet o ek weet
Sy hart lê in 'n skuinsgat
Sodat geen soeklig verder kom as netwerk nie
Maar vir wie is dit nuus?
Die voëls onder sy bibberende hoed
Lek sy hare glad, eerbiedig sy bondel idees
Hulle dos hom uit in baie gedagtes
Sodat hy ongesiends verby kan kom
Maar ek weet o ek weet
Hierdie ou kaalnekhoender, hierdie ou komediant
Is Piet
Piet is 'n pes
Piet is 'n grafsteenmaker
Piet is my bibberende pa.

SNEEU IN DIE LOOTSBERGE

Het ons
git
op die wit,
balle
teen mekaar se lywe,
in mekaar se gesigte
laat plons,
laat oopwaaier
in skaterlag
en dons.

Later, rustiger,
'n ding
begin bou.
Eers toe hy
skouers, nek
en gelaatstrekke kry,
sê een:
lomp, glo,
en dik aangetrek
soos 'n Eskimo.
'n Ander:
die kop
sit agterstevoor —
miskien het Lot
hier sy vrou verloor . . .

En al oor die klowe
het die konfetti
gereën . . .
staan die plante,
die heinings
teen die hange uit:
geseënd
in die sluier
en sleep
van 'n verheerlikte
bruid.

FRANS POINTL

na bezoek aan Ooglijdersgasthuis te Utrecht
geduldig wacht men hier
door nieuw duister gekweld
tot hen de schellen
van de ogen worden gepeld
geluid wordt een nieuwe klank
mijn stem zegt ik ben er
tasten naar mijn arm
overtuigend bewijs

gezichten zijn hier zo inkompleet
wie kleine gaatjes in z'n oogschellen heeft
schuifelt als vreemd wezen van vreemde planeet
voorzichtig door lange gangen

woorden als netvlies, oogvocht
regenboogvlies, lens
verplaatsen zich door het licht
hier de vroomste wens.

SKYFIES

Liewe Lesers en Leseresse, —

Ek lees nou die dag, wanneer, in die koerant dat die digter Botes kwaad is vir al wat letterkundige is. Dis hulle skuld dat hy sy bundel moes verbrand. Ek was baie hartseer oor die skade. Maar my ouma het my getroos. „Wie weet waarvoor is dit goed, kind?” het sy gesê.

Maar D.P.M. (David) het nie troos nodig nie. G'n ware digter laat hom doodpraat nie; ook nie doodswyg nie. Waarom sou hy? Daar is dan net drie digters wat vandag saak maak in Afrikaans, sê hy. Dis die drie B's: Breytenbach, Blum en Botes. Ek dink net dis nie mooi van Botes om nie vir Brink ook 'n plekkie te gee nie. Sy naam begin tog ook met 'n b. En wat van Braampie? Hy dig mos ook, dan nie?

Maar Botes sê: Nee, drie is nou eenmaal drie. En een ding wat nie twee is nie, hý is 'n digter. Mens kan dit sommer hoor. Om tog so baie te bou op een enkele klank! Ek het ook probeer, maar my alliterasie het my net by baard, blêr en blaker gebring. Na baie dae se gesukkel het ek uitgekóm by bog, bek en basel. Maar dit het vir jou diep dink gekos. Ek moes selfs baie boeke gaan raadpleeg, selfs woordeboeke.

Van woordeboeke gepraat, wie had kon dink dat ons taaltjie soveel woorde had om al die boeke vol te maak: kernwoordeboeke en kleinwoordeboeke, beknopte woordeboeke en miniwoordeboeke, nasionale woordeboeke en provinsiale woordeboeke, woordeboeke vir die skoolkind en vir die skooljuffrou, vir blank en nie-blank. Sou dié boeke nou almal dieselfde woorde in hê, of is daar 'n keuse moontlik, soos met bloemlesings? Ek weet nie, maar een ding weet ek: as ons bloemlesers nie oppas nie, gaan ons woordeboekskrywers hulle nog verbystek.

Ek het die laaste jare tog weer so 'n plesierige en leersame briefwisseling aan die gang met my ou vriendin Doris Worthington-Smith uit Natal. Doris was nou wel 'n Doortjie de Lange in die dae toe ons nog saam skoolgegaan het, toe dit alles ook nog maar in hierdie land bra Engels was, en toe sy met haar Horace gaan trou, het sy maar eintlik so vanself Doris geword. Sy is goed onderlê, dié Doortjie-Doris, en het nog steeds die manier om uit Engelse boeke te dink, en haar tyd te verwyf met magazines — maar nou ja, die magazines is ook feitlik maar kultuurgoedere vandat Marie Linde vir Bettie Ertel daarvan leer hou het. En dan bly Doris tog so graag by wat die Afrikaanse letterkunde van vandag betref. En toe die koerante nou so vol kiekies raak van Breytenbach en sy vriende hand aan hand daar by die strand (hoe kom die ou volkspeletjies se liedjies darem terug ná al die jare!), toe skryf Doris vir my, ag so tipies —

Oh to be in Onrus now that Breyten's here!

Maar só gesellig, dié kiekies — nie net vriende nie, maar ook familie, lyk dit my, want ek kon sweer ek sien iemand se ouma so in die een hoek sit. Kan ook wel wees dat dit iets anders was.

Breyten, so skryf die koerante, gaan ook praat by een of ander saamtrek van Sestigters in die Kaap, hier in Februarie rond. Dit sal darem vir jou geskiedenis maak: so 'n oud-Maatjie-reünie by Ikeys. Miskien loop dit nog uit op 'n splinternuwe soort inter-waar-sit-hy (nou)?

Benuud die uwe,

OU GRIETJIE.

